

**DIE VERHAAL VAN DIE VROEË KERK HET VEEL TE VERTEL OOR
KERKWEES VANDAG. KOM ONS LUISTER...**

**PINKSTERREEKS
2007**

VOORAF

Die Pinksterreeks vir 2007 fokus op die boek Handeling. Daar word opnuut stilgestaan by dié besondere verhaal van die vroeë kerk, met die verwagting om tog veel te leer vir vandag...

- oor die Vader wat die wêreld so liefhet, dat Hy die Seun en die Gees gestuur het,
- oor die Here Jesus, die Opgestane en verheerlikde Christus, wat sondaarmense verlos en sy kerk versamel, bou en stuur,
- oor die werking van die Heilige Gees, wat mense nuutmaak, wat gewone mense vrymoedige getuies en bedienaars van die genade aan mekaar en ander maak, wat verskillende mense met mekaar versoen tot een, sorgsame en biddende liefdesgemeenskap
- en oor al die dimensies van die kerk se gestuurdheid in die wêreld, in éénheid.
- In verwondering word ontdek hoe die kerk, te midde van diversiteit, één kan wees, Christus-lote uit alle volke, tale en nasies, in die één liggaam gedoopt.

Leraars uit al vier die susterkerke in die NG Kerkfamilie het meegewerk. Daar is 'n doelbewuste verskeidenheid van benaderings, maar uiteindelik verwonder mens jou aan die eenheid. Ons hoort byeen! Ons kan die rykdom wat daar in ons "*verskeidenheid in eenheid*" skuil, nie langer ontbeer nie! Daarom word dit hier gevier. Die medewerkers se gebed is juis dat die reeks veral 'n bydrae sal maak om die eenheid in die NG Kerkfamilie te dien.

Daar is deesdae al hoe meer kleiner groepe wat rondom Pinkstertyd byeenkom vir Bybelstudie en gebed. Benewens die reeks preke, is daar vanjaar vir hulle ook 'n mooi Bybelstudiegids gereedgemaak. Op sy kenmerke, helder manier het prof Piet Meiring 'n Bybelstudiereeks oor Handeling geskryf, met die titel "*Die wind en die vuur*". Dit is by Bybelmedia-Handel, te kry.

Ons vertrou dat hierdie reeks nuttig gevind sal word, dat Pinkster al hoe meer saam gevier sal word deur sustergemeentes in die NG Kerkfamilie en dat dieselfde Vader, Seun en Gees wat die Handeling kerk versamel, gebou en gestuur het, in die Pinkstertyd van 2007 vir ons sal ontmoet deur sy Woord en Gees, opnuut sal roep... en dat ons met oop harte sal luister.

Gideon van der Watt en Daniël Kuys
(Skribas: Taakgroep vir die Pinksterreeks 2007)

INHOUDSOPGAWE

Inleidend tot die boek Handeling - Prof Daan Cloete (VGKSA)	3
Tema 1: Jesus se kerk weet dat Hy regeer! (Hemelvaart), Hd 1:1-10 - Dr Johan Botha (VGKSA)	6
Tema 2: 'n Kerk wat die hart van die evangelie verstaan... en uitdra, Hd 2:1-13, 37-47 - Dr Nobin Shunmogam (RCA)	9
Tema 3: 'n Kerk wat as een liggaam funksioneer, Hd 2: 32-36 - Prof Elna Mouton (Kweekskool US)	14
Tema 4: Die wonder: almal deel in één liefdesgemeenskap Hd 2:43-47 - Ds Lieze Meiring (NGK)	18
Tema 5: Fasette van versoening , Lukas 19:1-10; Hd 9:1-31 - Prof Klippies Kritzinger (VGKSA)	20
Tema 6: "...Christene genoem", Hd 11: 19 – 26, Hd 14:26-28, Hd 13: 1-3 - Dr Gideon van der Watt (NGK)	25
Tema 7: "'n Kerk vir almal!"- eenheid te midde van diversiteit, Hd 15:1-35 - Ds De la Harpe le Roux (NGK)	29
Tema 8: "Waar die Here werk...", Hd 16:1-15 - Dr Gideon van der Watt (NGK)	32
Tema 9: 'n Kerk wat biddend leef en werk - Ds Johannes Kofa (NGKA)	36
Tema 10: Christus-lote uit alle volke, tale en nasies! Hd 2:37-41, Ps 22, Joh 15, 1 Joh 4 en Hd 8 (Pinkstersondag) - Dr Johan Botha (VGKSA)	38

INLEIDEND TOT DIE BOEK HANDELINGE

1. Die boek Handeling is uniek in die sin dat dit die enigste historiografiese geskrif in die Nuwe Testament is wat die ontwikkeling van die Christendom na Jesus se hemelvaart beskryf. Alhoewel dit in die eerste instansie 'n kerugmatiese doel het, kan tog met aanvulling van gegewens uit ander meer situasie-gerigte geskrifte rekonstruksies gemaak word van die barensweë van die kerk. Veral is dit van belang omdat dit die uitstorting van die HG op Pinksterdag beskrywe, 'n gebeurtenis wat slegs hier verhaal word, behalwe vir die beskrywing in Joh 20:19-23, algemeen bekend as Klein Pinkster. Alhoewel dit dalk eerder 'n voorskou was vir wat nog sou kom op Pinksterdag. Verder is daar ook die kort beskrywing van 'n "tweede" uitstorting in Hd 10:44-47.

2. Daar is al dikwels daarop gewys dat Lukas se twee geskrifte in vele opsigte 'n eenheid vorm. 'n Mens sou ook kon sê dat dit eintlik twee episodes van dieselfde verhaal aangaande die lewende Jesus is. Die eerste handel oor die lewe en werk van die aardse Jesus, terwyl die tweede weer die handeling van die verhoogde Jesus bevat. Daarom lyk dit ook dat die ware inhoud van die tweede verhaal eintlik by hoofstuk 2:1 begin, met 1:1-26, wat 'n brugfunksie tussen die twee verhale vervul, want die dissipels neem hierin van die opgestane Jesus afskeid wanneer hy na die hemele opvaar. Vervolgens neem hulle die geleentheid waar om hulle huis in orde te kry in afwagting van die groot taak wat nou op hulle wag en waarvoor Jesus hulle voorberei het. Hd 2:1-13 is die vervulling van die belofte wat in Luk 24:47-49 gegee en in Hd 1:8 herhaal is. En dan volg die eerste prediking en die reaksie daarop, alhoewel die hele verdere geskrif eintlike as sodanig gesien kan word.

3. Kenmerkend van die boek Handeling is die redevoering of preke wat deur verskillende persone waargeneem word. In totaal is daar 11, waarvan 3 deur Petrus (2:14-40; 3:12-26; 10:34-43), 1 deur Stefanus (7:2-53) en die orige 7 deur Paulus (13:16-41; 17:22-32; 20:18-35; 22:1-22; 24:10-21; 26:2-23; 28:25-28) gelewer is. Interessant is die verskillende predikers binne en buite die apostelkring, die verskeidenheid van gehore (Joods, Grieks, Konings, ens) en die geografiese verskuiwings wat daarin op te merk is. Dit is duidelik dat die "preke" doelbewus uitgekies is en dat die outeur dus 'n bepaalde doel voor oë gehad het daarmee, naamlik, om aan te dui hoe die getuie aangaande Christus voortgegaan het deur die diens van sy apostels. Dit word dikwels beskou as tipiese illustrasies vir die christelike prediking, omdat dit die grondpatroon van die apostoliese verkondiging bevat. Die 3 redes van Petrus het onderskeidelik as basiese temas die Pinkstergebeure, die heil vir die Jode en die poort wat vir die heidene oopgegaan het. Die Pinksterdagpreek van Petrus is fundamenteel vir die ander twee en eintlik ook vir al die ander in Handeling.

4. Die uitstorting van die Heilige Gees word in 2:1-13 op tipiese Lukaniëse dramatiese wyse vertel. Die klem lê op dit wat hulle wat teenwoordig was, ervaar het. Dit sluit in 'n rukwind wat hulle gehoor en waarskynlik gevoel het en die tonge wat hulle gesien het. Wind word soms in die Ou Testament verbind met die Gees van God (Gen 3:8) en met skepping; die tong met tale (Deutr 28:49); en die vuur met God se verskyning (Eks 3:2) en met reiniging. Dit moet alles op 'n simboliese manier die uitstorting van die Heilige Gees beklemtoon, sy skeppende en reinigende aktiwiteit. Hierna sal ons nie dikwels so 'n waarneembare manifestasie van die Heilige Gees kry nie. Die nadruk word nou eerder gelê op die aktiwiteite van die getuies, dws., diegene wat met die Heilige Gees vervul is, wat hulle doen en die reaksie daarop.

5. Die tonge van vuur daal op elkeen van hulle neer. Weereens is dit 'n simboliese manier om te sê dat hulle bekragtig word, of krag ontvang soos aan hulle eerder beloof is. Hierdie krag kom dan ook op twee maniere tot uitdrukking in die optrede van hierdie mense en op die manier word hulle tot getuies gemaak:-

5.1 Hulle begin nou praat. Die tonge wat neergedal het, het dit alreeds gesuggereer. Dit is merkwaardig, nie omdat hulle nie normaalweg kon praat nie, maar omdat hulle nou skielik 'n vrymoedigheid het om te praat. Vantevore was hulle lewe gekenmerk deur vrees. Daarom het hulle hulself opgesluit uit vrees dat dieselfde lot hulle sal tref as wat met Jesus gebeur het. Die Heilige Gees maak hulle moedig en laat hulle selfs na buite tree om te spreek, sodat 'n skare vergader om die skouspel te aanskou. In dieper sin wil Lukas waarskynlik dui op die verkondigingskarakter van sy geskrif.

5.2. 'n Tweede wyse van bekragtiging is dat hulle in ander tale begin spreek het, dws, in tale waarvoor hulle waarskynlik nie die kennis en vaardigheid beskik het om te spreek nie. Met verbasing is die eerste meertalige sprekers herken as Galileërs (waarskynlik aan hulle eerdere verbintenis met Jesus rondom sy kruisiging of aan hulle dialek, of hulle drag. Die veronderstelling is waarskynlik dat hulle, as inwoners van 'n agtergeblewe gebied (volgens die opvattinge van die Judeërs was dit die geval met Galilea), slegs Aramees kon ken en hoogstens ook nog 'n bietjie Grieks as die omgangstaal binne die Romeinse Ryk. Hierdie onmiddellike vermoë het die Heilige Gees dus nou aan hulle gegee. Maar vir hulle wat oningelig was wat betref die belofte van die Heilige Gees, was die sprekers beskonke.

6. Merkwaardig was dat hulle die vermoë gehad het om in die verskillende tale te spreek van die verteenwoordigers uit byna al die dele van die toe-bekende wêreld wat in Jerusalem bymekaar was vir die Pinksterfees. Dit was dus verstaanbare tale (waarskynlik anders as in die Korintiër-gemeente) van ander streke binne die Romeinse Ryk, wat die diaspora Jode en proseliete magtig was en moontlik selfs as hulle eerste taal beskou het. Die inhoud was duidelik en het gegaan oor die groot dinge wat God gedoen het. As aanvaar word dat Petrus in die eerste toespraak slegs Aramees gepraat het, was die talespreek waarskynlik 'n simboliese manifestasie om aan te dui dat die ander aspek van die belofte, naamlik, die getuienis wat moes uitgaan tot aan die uiterste van die aarde, ook nou beslag sal kry. Dit kan dus ook aanvaar word dat onder die eerste drieduisend bekeerdes daar ook diegene was uit die verskillende windstreke wat die getuienis sou verder dra.

7. Die volkelys van 2:8-12 wil waarskynlik so ver moontlik die bekende wêreld van die tyd dek. Uiteraard het dit in die eerste instansie verwys na die diaspora Jode waarvan daar deur die eeue miljoene oral buite Palestina gaan woon het en alhoewel hulle die Joodse taal en tradisies steeds bly handhaaf het, was hulle seker ook vertrouwd met die tale van hulle woonplekke en kon hulle dit by die aanhoor herken. Dit sluit die Joodse proseliete en godvresendes in.

8. Die dominerende opvatting is dat die boek Handelingte volgens die geografiese "skema" of "program" van 1:8 gelees moet word, naamlik, as die ontwikkeling van die kerk vanaf Jerusalem via Judea en Samaria tot aan die uiterste van die aarde (Rome). In 'n sekere sin wil Lukas duidelik maak dat Jerusalem as fokuspunt van die kerk sy betekenis verloor om te verskuif na Rome om saam te val met die fokuspunt van die politieke wêreld. In 'n ander sin bly Jerusalem steeds belangrik, alhoewel die tempel nie meer die fokus is nie, maar Jesus omdat HY hier gesterf, opgestaan en opgevaar het na die hemel. So word in die eerste deel gefokus op die Jode om hulle te oortuig dat Jesus die verwagte Messias is (vgl. 3:26). Pas by hoofstuk 10 waar as't ware 'n tweede "uitstorting" van die Heilige Gees plaasvind, begin die sending onder die nie-Jode. Dat die eerste deel nie die heidene op die oog gehad het nie, word bewys deur die visioen van Petrus waardeur hy eers oortuig moes word, dat die Messias ook vir die nie-Jode is. Die stigting van die kerk verloop dus in twee fases, naamlik, 'n Joods-Christelike en 'n Heiden-Christelike, wat dan gevolg word deur pogings tot eenheid van die twee en wat aan die einde 'n onvoltooide taak bly. Hd 2 vertel dus in werklikheid die verhaal van die Joodse wortels van die kerk en die eksegetiese gegewens daarin vervat ondersteun die opvatting en moet dan ook binne hierdie raamwerk uitgelê word.

9. Wanneer die gedeelte teen die breër Lukianiese korpus geplaas word, kom daar egter meer perspektiewe na vore. So is daar breë ooreenstemming dat Lukas se Evangelie 'n sterk universele karakter vertoon. As sy hoofdoel met sy geskrifte is om gelowige mense aan te moedig om te bly glo deur aan hulle die verhaal te vertel van die tydelike en ewige heil van God wat verskyn het in Jesus van Nasaret, dan is dit ook duidelik dat hy 'n breër as net 'n Joodse geloofsgemeenskap op die oog het. Daarom plaas hy ook die verhaal teen die agtergrond van die wêreldgeskiedenis, voer hy Jesus se herkoms terug na Adam, sing Maria van die magtiges wat sal tuimel van hul trone, gee hy plek aan Samaritane, ens. Dit is dan ook nie vergesog nie om daarvan uit te gaan dat Lukas juis deur sy geskrifte probeer om 'n sterk Judaïstiese oorheersing in die kerk te bestry.

10.. Hd 2 en die res van die Handelingte-boek moet dus ook gesien word as 'n respons op die vraag van die apostels aan Jesus in 1:6, naamlik, of dit nou die tyd was dat Hy die koninkryk van God weer gaan oprig. Daarmee het hulle verraai dat hulle nog steeds 'n politieke en nasionalistiese koninkryk op die oog gehad het ten spyte van alles wat hulle met Jesus meegemaak en van Hom geleer het. Dit is pas met en deur die Heilige Gees dat hulle sy werklike omvattende betekenis begryp het. Die boek Handelingte het dan ook as doel om juis die nasionalistiese tendense te deurbreek, die etniese en kulturele vooroordele af te breek, die omvattendheid en inklusiwiteit van die heil te beklemtoon en die eenheid van die kerk na te streef en op te bou.

11. Binne die hele boek Handelingte is die hoogtepunt van Petrus se toespraak in 2:36 nie sonder betekenis nie. Hier word twee titels nog apart gebruik om Jesus se betekenis aan te dui, naamlik, Here en Christus. Opvallend is dat Lukas verskillende name vir Jesus gebruik, die bekende titels, maar ook meer beskrywende tipes soos Heilige en Regverdige (3:14); Leidsman (3:15); Dienaar (4:30); Verlosser (5:31); ens. Daarmee probeer hy uiteraard om iets van die volle betekenis van Christus tot uitdrukking te bring. Hierby word ook opgelet dat hy dikwels gebruik maak van die uitdrukking, "die naam" (in die naam 3:6; 4:10; vgl 4:7, 17, 18; 5: 28, 40; deur die naam 4:30; 10:43; naam 3:16). Weliswaar beteken dit, persoon, en is die eerste bedoeling om aan te toon dat Jesus die verwagte Messias is. Maar sekerlik wil hy daarmee ook al andere

akkommodeer in die lig van die uitspraak in 4:12 dat daar geen ander Naam op die aarde aan die mense gegee is waardeur God wil dat ons verlos moes word nie, asook dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep gered sal word (2:21). Teen die agtergrond hiervan moet dus ook die twee titels in 2:36 gesien word. Christus wil Jesus aandui as die verwagte Messias van Israel. Daarom word die kerk ook nou die christelike kerk (vgl 11:26). Die titel, Kurios, wil in die eerste instansie dui op sy mag en heerskappy veral soos bewys deur sy opstanding. Maar die primêr Griekse betekenis-oorsprong van die titel kan dalk hier al, soos sommige andere, bedoel wees as 'n kode vir diegene buite Israel. Uiteindelik word, Here, die benaming wat Jesus se totale heerskappy oor die hele wêreld aandui.

12. In die beskrywing van die eerste "gemeente" (2:43-47) word daar sterk klem gelê op die gemeenskaplikheid van besit en van maaltydhou. As ons dit kan beskou as die voorlopige formasie van die kerk, dan dui dit 'n fundamentele karaktertrek van die nuwe gemeenskap aan, alhoewel dit op hierdie stadium waarskynlik nog 'n sterk eksklusiewe Joodse beeld vertoon het.

13. Opsommend, kan dus gesê word dat Lukas met die beskrywing van die " amptelike" indienstreding van die Heilige Gees op Pinksterdag en die rede van Petrus wat daarop volg in Hand 2 die basis lê en die belangrikste komponente weergee vir die verdere prediking. Petrus is die eerste getuie en sy getuienis is 'n omvattende een wat al die aspekte van die Nuwe Testamentiese verlossingsleer vertoon. So wil dit aandui dat die eskatologiese vervulling wat reeds met die koms van Christus aangebreek het, nou sy eintlike momentum gekry het en gaan dit ook nou sy verdere verwesenliking kry voordat die glorieryke dag van die Here kom (2:20). Wat dus hier van belang is, is die feit dat Petrus (en Lukas) sterk aksent daarop lê dat dit wat gebeur het en nog staan te gebeur baie sterk berus op dit wat in die Ou Testament beloof is. En alhoewel die fokus in die rede nog sterk op die Jode is en in Joodse kategorieë uitgedruk word, weerspieël veral die aanhalings uit die Ou Testament alreeds die oriëntasie na die toekoms toe, wanneer elkeen wat die Naam van die Here aangeroop het, gered sal word (2:21).Daarmee word aangedui dat die wortels van die eenheid van die kerk alreeds in die Ou Testament aanwesig was en nou tot sy volle ontplooiing gaan kom. Die sosiaal-kulturele karakter van die kerk word dus alreeds veronderstel, soos ook die sosiaal-ekonomiese verskeidenheid, want onder die eerste bekeerlinge was daar ook grondbesitters. Daarom geskied die rede op 'n wyse wat reeds 'n openheid toon en 'n uitnodiging rig tot diegene buite die Jodedom. Daarmee word dus op 'n indirekte wyse ook die strewe na die eenheid van die kerk saam met die apostoliese tradisie, die onderlinge solidariteit, die gemeenskaplike viering van die nagmaal, ens., as die leer van Christus (9:2; 19:9,23; 22:4; 24:14,22) aangedui en vorm dit die grondslag vir die getuienistaak van die kerk. Die partikulariteit vir deelname aan die kerk word nou 'n ander, naamlik, die geloof in Jesus Christus.

(Daan Cloete)

Tema 1
Jesus se kerk weet dat Hy regeer!
(Hemelvaart)
Hd 1:1-10

Die mediese dokter, Lukas, begin sy tweede boek, die *Handelinge*-verhaal, waar hy sy eerste boek afgesluit het: by dié dag toe Jesus Christus na die hemel opgevaar het. Vandag dink ons weer daaraan.

In sy eerste boek, die *Evangelie*, het Lukas ons alles vertel wat "Jesus gedoen en geleer het, van die begin af, tot op die dag van sy hemelvaart", "stap vir stap" (1:3). En daarmee het Lukas al daardie "kosbare goed" (Haenchen) vir ons aangegee, dit wat ons Christus se gemeente maak, sy eie mense, wat aan ons ons identiteit gee. Jesus se eie storie is dus die hart van ons storie! Jesus se omgee vir ander bepaal ons omgee vir ander! Lukas vertel vir ons in besonderhede dat Jesus barmhartig was teenoor mense in nood, teenoor siekes en lydendes, teenoor veronregtes en verarmdes, dat Jesus verskeie wonders gedoen het en dat Hy die koninkryk van God se beginsels baie oortuigend gepreek het. Uiteindelik lê Hy sy eie lewe gewillig af aan die kruis sodat ons vry kon word van ons sondeskuld en straf. En daarna, so vertel Lukas, het Jesus opgestaan, oorwinnaar oor die dood, die Christus, die Here van alles wat lewe! En toe vaar Hy op daardie laaste dag van sy dissipels af weg, hemel toe, skryf Lukas. Weg? Regtig weg van hulle en van ons af?

Wat het dit tog beteken? Hoekom het Jesus nie maar net hier gebly nie? Waarom van ons af weggaan? Watter nut het sy hemelvaart tog vir sy dissipels destyds gehad en vir ons vandag? Kom ons kyk bietjie dieper.

Die Bybel leer ons dat Jesus wat hemel toe gevaar het op hierdie oomblik by die Vader is! Om die waarheid te sê, Hy is aan die Vader se regterhand (Kol 3:1). Dit beteken letterlik: Hy is nou die krag van God! Jesus se hemelvaart span die kroon oor al sy verlossingswerk! Daarom bely ons: *Jesus is die Here* van alles! En, aan die Vader se regterhand, so leer die Bybel ons, nes toe Hy fisies op aarde was, gee die Here Jesus vir ons om, is Hy oor ons besorg, het Hy meegevoel met ons, pleit Hy vir ons, behartig Hy ons sake. Op hierdie einste oomblik, daar by die Vader, is Jesus in ons belang besig (Rom 8:34; 1 Joh 2:1), ja, net soos toe Hy fisies hier tussen ons op aarde gelewe en gewerk het! Die Hebreër skrywer sê duidelik dat Jesus vir altyd by die Vader lewe, juis om vir ons in te tree (Hebr 7:25), as ons ewige Hoëpriester, die Een wat omgee, die Een wat nou in ons plek staan. Dis tog 'n ongelooflike troos vir my en jou, hier, vandag, môre! Iemand gee om. Nee, nog meer, Jesus die Here, aan die Vader se regterhand, gee om, vir my en vir jou! Maar dis nie al nie, Jesus se hemelvaart beteken meer!

Jesus het self belowe dat Hy gaan om vir ons, sy dissipels, plek te berei en dat Hy ons kom haal om by Hom te wees (Joh 14:2,3). Dit is die belofte uit Jesus se eie mond. Ons het vir altyd blyplek by Hom! En dit is tog uitstekende nuus, maar daar is rede vir selfs groter blydschap. Paulus sê dit prontuit! God het ons saam met die Here Jesus uit die dood opgewek en aan ons saam met Jesus 'n plek in die hemel gegee! Ons lewe is saam met Christus verborge in God. En as Hy by sy wederkoms verskyn, sal ons saam met Hom verskyn en in sy heerlijkheid deel (Kol 3:3,4). Dis nie eers vir eendag nie, dis vir nou al! Dit is nie 'n belofte vir die toekoms nie, dit is die werklikheid vandag! Maar ook dit is nie al nie! Jesus se hemelvaart beteken nog meer!

Van die regterhand van die Vader gee Christus Jesus sy Heilige Gees aan ons (Joh 14:16; 16:7), as ons waarborg en troos, én om ons fokus te rig op Hom wat aan die regterhand van die Vader is en nie na wat op die aarde is nie (HK Son 18 vr & antw 49). Dit beteken nie ons wat aan Jesus behoort, ons wat sy dissipels is, moet die wêreld vergeet of mense se treurige omstandighede miskyk of die omgewing en die skepping aan hulle eie lot oorlaat nie. Dit beteken nie ons jaag na 'n "pie in the sky" nie. Dit beteken nie ons is "so heavenly minded" dat ons "of no earthly use" is

nie. Dit beteken nie ons soek nou na siele vir die Here sonder om vir mense se lewensomstandighede om te gee nie. Allermens! Dit beteken wel dat Christus Jesus wat nou aan die regterhand van die Vader sit sy Heilige Gees aan ons stuur om ons reg te oriënteer, om ons oë, ons harte en ons verstand reg in te stel. Die Gees fokus ons geheel en al op Christus Jesus, sodat ons nuut kan terugkeer na die lewe om ons, met 'n duidelike besef van ons etiese verantwoordelikheid, vandag!

En dit is presies wat die Heilige Gees in hierdie Pinkster weer met my en jou wil doen. God se Gees wil ons in die Pinkstertyd kom omkeer, her-oriënteer, kom her-fokus op die Een aan die regterhand van die Vader. Want juis dit is die goeie nuus vir die samelewing, vir die omgewing, vir die skepping: Mense wat op Christus Jesus na sy hemelvaart fokus, Jesus se mense, kyk weg van hulleself en word fyngevoelig vir sy bedoelinge met hulleself, met hulle medemense en met die omgewing, met die skepping. Hulle fokus op Christus Jesus bepaal nou hulle gedrag!

Mense wat vandag op Jesus fokus, besef hulle is vrygemaak van selfliefde. Hulle soek nie meer hulle eie belang nie. Hulle meet en pas ander mense nie meer met hulle eie maatstawe nie, maar hulle kyk na hulle met die oë van Jesus (2 Kor 5:16-19). Hulle herberg nie meer vooroordeel nie, maar is bevry vir versoeningsdiens. Hulle sien Hom wat eenmaal vir alle mense gely en gesterf het, wat sy liefde en genade sonder onderskeid aangebied het as versoening vir alle mense - vir oud en jonk, vir mans en vroue, vir hooggeplaastes en onderdane, vir Jode, Samaritane, Romeine en Grieke, vir die vissermanne, tollenaars en hoere, vir die skrifgeleerdes en sy vervolgers – en hulle volg in sy voetspore! *Doen jy dit ook?*

Mense wat vandag op Christus Jesus fokus, is nie selfgerig nie, soek nie hulle eie belang nie, kyk weg van hulleself en sien - dwarsdeur die samelewing - hulle medemense raak, wat swaarkry, wat ernstig siek is, wat eensaam is, wat broodgebrek ly, wat rou en diep smart beleef - met die oë en hart van Jesus, met die omgee en die liefde en die warmhartigheid van die Here Jesus self! Mense wat op die Here Jesus aan die regterhand van die Vader fokus, rou self oor die ellendes en lyding wat hulle medemense vandag tref. Hulle bid ernstig tot Christus Jesus om sy heerskappy ook hier te kom vestig. En hulle begin daarby self om in die krag van die Heilige Gees saam met ander daarna te soek en toegewyd daaraan te werk om van ons samelewing 'n beter en heler plek te maak, waar vrede heers – soos Jesus ons self eenmaal die voorbeeld gestel het. *Doen jy dit ook?*

Mense wat op Christus Jesus fokus, kyk weg van hulleself, dien nie hulle eiebelang nie en word gevoelig vir die nood van die omgewing. Hulle hoor die versugtinge van die skepping wat ly onder allerhande rampe. Hulle word fyngevoelig vir ons mense se wanbestuur van die natuur. Hulle besef ons kort beter insig en kennis van die omgewing. Hulle hoor die skepping sug onder die uitbuiting van gierigaards en uitbuiters. Hulle wonder hoe hulle ons God se liefde en omgee aan die omgewing en die skepping kan oordra en hulle maak werk daarvan. Ons Here se heelvaart laat ons met nuwe oë na die aarde kyk. *Doen jy dit ook?*

Só is Jesus se hemelvaart dus goeie nuus, evangelie vir ons en vir die wêreld waarin ons vandag woon. Sy dissipels het dit waarskynlik nie alles op die dag van sy hemelvaart só verstaan nie. Máár hulle het besef iets groots het gebeur! Lukas vertel dat hulle deeglik geweet het dat Hy lewe (Hand 1:3) en in die loop van veertig dae verskeie kere aan hulle verskyn en met hulle gepraat het! En toe Jesus in die hemel opgeneem is, het Hy hulle geseën en hulle het Hom aanbid, vol blydschap! Dit is nie fabels of fiksie nie, dis feite! Daarom het hulle, op sy bevel in die stad Jerusalem by die tempel gebly, God geprys, en gewag op sy gawe, die krag, die Heilige Gees, wat hulle van bo sou toerus (Luk 24:49-53; Hand 1:4,8). *Verwag jy dit ook van Hom?*

Jesus se dissipels en die eerste gemeentes was stewig vas aan hulle oorsprong, aan hulle Here wat nou in die hemel is, en só het hulle die pad na die eindes van die aarde gevat en het die wêreldsending van Jesus se kerk begin, deur die Heilige Gees gefokus op Christus Jesus aan die regterhand van die Vader! *Is jy so gefokus, saam op hierdie reis?* (Johan Botha)

Tema 2
'n Kerk wat die hart van die evangelie verstaan... en uitdra.
Hd 2:1-13, 37-47

Die kerk is op Pinkstersondag gebore. Pinkster was een van die gewildste Joodse feeste. Jerusalem was oorstroom met pelgrims uit alle oorde. Dit was vyftig dae na die Joodse Pasga (50 = *penta*). Dié keer sou dit nie maar net 'n tradisionele Joodse fees wees nie. Dit was ook presies vyftig dae na die kruisiging van Jesus Christus. Op dié dag sou Christus sy Gees stuur - die Gees wat geboorte kom gee het aan die kerk van Jesus Christus. Daarmee het 'n heeltemal nuwe era aangebreek.

Die gebeure begin waar die dissipels, wat op een plek byeen was, met biddende harte en oë gevestig op die opgestane Christus, wagtend op die vervulling van sy belofte om deur sy Gees by hulle te kom wees. Op Pinkstersondag het die Gees toe gekom, met groot krag en mag. Daar was wind en tonge van vuur. Die Gees het op hulle neergedaal (1-3), dit het hulle gevul (4) en dit het deur hulle begin werk (41-47). Dit het duidelik geword: die Gees het die kerk nie bloot as 'n gemeenskap van verlore mense kom vorm nie, maar veral as gemeenskap van gestuurde mense.

In hierdie preek gaan ons op drie fasette fokus:

- Die doel en funksie van die kerk
- Die kerk moet eers die hart van die evangelie (vgl Petrus se preek) verstaan voordat dit die evangelie aan ander kan verkondig
- Die kerk is 'n gestuurde gemeenskap, gestuur om die evangelie aan ander mee te deel.

1. Die doel en funksie van die kerk

Wat is die kerk? Dit is nie 'n gebou nie. Ook nie in die eerste plek 'n struktuur of 'n instituut nie. Dit is 'n *ekklesia*, 'n versameling mense, uitgeroepes, 'n gemeenskap van gelowiges. In 1 Pet 2:8-10 staan: "*Julle... is nou die volk van God – God se mense.*"

1.1 Die kerk as uitverkore volk

Die idee van kerk as uitverkore volk kom uit die Ou Testament. Vanaf Abraham se tyd het die idee dat Israel uitverkies is om God se volk te wees, as 'n soort profesie gegroei - 'n vooraf-beeld van wat en hoe die kerk sou wees. En so het die eerste kerk in Jerusalem haarself dan ook verstaan – met 'n lidmaattal van 3000 mense wat uitgeroep en tot een gemeenskap versamel is – God se uitverkore volk! En God het elke dag nog mense toegevoeg wat gered was.

1.2 Die kerk as verlore gemeenskap

Mense wat verlore was in hul sonde, ontvang verlossing deur die bloed van Christus Jesus. Soos die Skrif dit stel: "*Ons is nie vrygekoop met verganklike dinge soos silwer of goud nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, ons Verlosser.*" In hierdie verlossingsgebeure vloei die stroom van sonde en die rivier van verlossing ineen. Met ander woorde, hoe meer ons ons sonde ontdek, hoe meer ontdek ons die oorfloedige genade waardeur ons deur God vergewe word. Daar kan 'n verskil in die graad van sonde wees, maar nie in die feit van sonde en die resultaat daarvan nie, want die loon (gevolg) van die sonde is die dood. 'n Persoon wat byvoorbeeld in water van een meter diep verdrink is net so dood as een wat in drie meter water verdrink. In ons onvermoë om onself te verlos, is ons op dieselfde vlak, ongeag wie ons is of hoe groot ons sonde is. Ons almal kan alleen maar deur die geregtigheid van Christus verlos word. Hy het ons verlossing moontlik gemaak deur sy dood en opstanding.

1.3 Die kerk as 'n toegeruste gemeenskap.

Tydens die Pinkstergebeure is gewone mense, afsonderlik en individueel, toegerus met die krag van die Heilige Gees. Daardeur is hulle omvorm en byeengebring as die kerk. Dink byvoorbeeld aan Petrus. Voor Pinkster het hy sy Here verraai. Teenoor 'n diensmeisie het hy al swerende en swetsende ontken dat hy die Here Jesus ken. Hy was te bang om "*op te staan*" vir Christus. Maar

na Pinkster, toe hy eers gevul is met die Heilige Gees, was hy 'n ander mens en kon hy vreesloos die evangelie aan 'n hele skare verkondig. Die kerk wat toegerus is met die Heilige Gees, word 'n opgewekte kerk, 'n dinamiese kerk, 'n kerk wat vrug dra, 'n kragtige kerk – in staat om die wêreld om te keer vir Christus.

1.4 Die kerk is 'n unieke, uitsonderlike gemeenskap

Die kerk bestaan uit bekeerde mense. Jesus het gesê: *"As julle julle nie bekeer en soos kinders word nie, sal julle nie ingaan in die koninkryk van die hemel nie"*. Om tot bekering te kom, is om om te draai en verander te word. En presies dit maak die kerk so anders – dit bestaan uit mense wat verander het. Mense wat weggedraai het van sonde na geregtigheid, van dit wat verkeerd is na dit wat reg is, van Satan na God. Op Pinkster het Petrus gepreek: *"Bekeer julle... en julle sonde sal vergewe word."* (Hd 3:19)

Om 'n uitsonderlike gemeenskap te word, beteken dat ons sal streef na 'n radikale verandering, 'n totale transformasie. *"As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe mens, die ou dinge het verbygegaan"*. Te veel mense meen dat hulle Christene geword het bloot omdat hulle by 'n kerk aangesluit het. Moet my nou nie verkeerd verstaan nie. Ek glo in die noodsaak van kerklidmaatskap. Elke Christen moet 'n goeie, Bybelse en Christusgesentreerde kerk vind om aan te behoort. Dat jou naam op die kerk se registers verskyn maak jou egter nie 'n Christen nie, net soos wat die aantrek van 'n uniform van iemand 'n polisieman maak..

U sien dus, om 'n Christen te word, wat werklik uitstaan as Christen, is meer as om net 'n lidmaat van die kerk te word. Jy moet 'n nuwe mens word. Van ou gewoontes en maniere van leef, ou sondes en gebruike moet ontslae geraak word. 'n Nuwe lewe, met nuwe gewoontes en praktyke, moet sigbaar word in ons lewe.

So het die Christene in die vroeë kerk hulle lewens radikaal verander. Hulle het voortaan hulle lewe daaraan gewy om by die Apostels te leer, deel te neem aan die gemeenskaplike gebede en die breking van die brood. Waar die ware kerk gevind word, word die onderlinge gemeenskap breër en dieper. Dit is 'n heilige, inklusiewe, onderskeie en egte gemeenskap.

2. Die kerk moet self eers die hart van die evangelie verstaan voordat dit verkondig kan word.

Die tema van Petrus se eerste preek was dat Jesus die Christus en Here is – dit is bewys deurdat Hy opgestaan het uit die dood. Dit is interessant dat Petrus nie preek oor die Heilige Gees nie, maar oor Christus Jesus. Die gelowige word toegerus met die Heilige Gees sodat Christus verkondig en verheerlik kan word. Hy noem die bekende feite oor Jesus se bediening en dan eindig hy met die kruisiging, opstanding en verheerliking. Veral sy opstanding en verheerliking het bevestig dat Hy inderdaad Here en Verlosser is. Daarom preek Petrus oortuigend oor die feit dat die Jesus wat hulle gekruisig het, vir ewig opgestaan het. Hy lewe! .

Hy het dit duidelik uitgespel dat die hele Jesus-gebeure, sy bediening, sy dood, sy opstanding en sy verheerliking, binne die wil en die mag van God was – dit was God se bedoeling.

Die hart van die evangelie word later deur Paulus opgesom wanneer hy sê: *"Ek preek niks anders nie as die gekruisigde en opgestane Christus nie"*. Hy was nie skaam oor die evangelie nie, want dit was die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo. U sien, Paulus kon in sy eie hart voel en met sy eie oë sien watter verskil die evangelie kan maak.

Dié boodskap (goeie nuus) oor die kruis en die opstanding kan:

- sondaarmense reinig van hul sonde
- aan gevange mense vryheid skenk
- mense het hulle afgode laat vaar en die ware God laat aanbid
- 'n nuwe vreugde laat opspring in hartseer harte

- selfsugtige, vyandige mense skielik laat liefhê met 'n onselfsugtige liefde
- dit kan skeidsmure afbreek, geregtigheid laat deurbreek
- dit bring vrede en blydskap
- dit is soos 'n stroom helende water wat deur elke kultuur en gemeenskap vloei. .

Toe Petrus preek: "*Hierdie Jesus wat julle gekruisig het...*" is hulle in die hart gegryp en het hulle in skande en met skuld uitgeroep: "*Wat moet ons doen broeders?*" Op daardie oomblik is hulle begelei en aangemoedig om na die voete van Jesus te kom. Hy het hulle opgeroep tot bekering, belydenis van sonde tot geloof en toetrede tot die kerk.(doop). Petrus het hulle verseker dat hulle, in die nuwe verhouding met Jesus, vergiffenis en die gawe van die Heilige Gees sou ontvang. Hy het hulle herinner dat God se belofte van verlossing ook vir hulle bedoel is, vir hulle kinders en vir elkeen wat Hy na homself sou roep. Petrus het getuig. Hy het vermaan. Hy het aangemoedig – laat julle red uit hierdie sondige geslag. 'n Duidelike bemoediging, 'n sterk appél

Nou dat hulle 'n persoonlike ontmoeting met Jesus Christus gehad en die krag van die evangelie in hulle lewe beleef het, is daar van hulle verwag om die evangelie van hoop met 'n wêreld wat so smag na hoop, te gaan deel.

3. Die kerk as 'n gemeenskap van gestuurde mense – wat die evangelie met ander gaan deel

Ja, die kerk van Jesus Christus is nie alleen die gemeenskap van verlosde mense nie, maar dis ook die gemeenskap van gestuurde mense. Gestuur om die evangelie aan 'n verlore wêreld te verkondig. Dit is waarvan ek, saam met ander wat werklik die krag van die evangelie in hulle lewens ervaar, oortuig is. So was dit met myself die geval. Toe ek Jesus Christus as my Here en Verlosser aanvaar het, het ek 'n sterk drang in my ervaar om dit te gaan deel met ander, om te gaan vertel wat ek gevind en ondervind het. My vertroue in Hom het in my 'n nuwe besef (belewenis) gebring: "*ek word liefgehe, ek is vergewe.*" Dit het 'n nuwe fontein van vreugde vir my geopen; dit het aan my 'n nuwe lewensdoel gegee. Ek het in die diepste van my wese gevoel dat ek die Weg, die Waarheid en die Lewe gevind het. Ek wou graag dat ander dieselfde ontdekking maak. Ek wil graag die stelling maak dat as jy 'n Christen is, as Jesus 'n werklikheid vir jou geword het, jy hom as Verlosser en Here ontdek het, sal jy dit graag met ander wil deel. Jy sal nie anders kan nie.

Soos iemand baie gepas gesê het: "*Om kerk te wees, beteken om geroep te wees tot sending*". Die opdrag tot getuïenis is wesenlik deel van kerkwees. Die kerk is deel van God se sending (*missio Dei*) 'n Kerk wat sy getuïenisopdrag verwaarloos, stagneer, dit word soos 'n modderige poel waar geen water in of uitvloei nie. Wanneer 'n kerk so vasgevang raak in wêreldse dinge, die belange van 'n spesifieke nasie, of as die kerk 'n politieke of sosiale funksie vervul en vergeet van sy primêre doel om die evangelie van verlossing deur die bloed van Jesus Christus te verkondig, dan word die kerk ontrou aan sy eintlike wese of karakter. Dit bly van krag: die hoofdoel van die kerk is om mense na verlossing in Christus te lei.

Christus se doel is om vir Hom 'n gemeenskap te versamel, mense uit elke nasie, taal, of stam (Op 5:9) Die groot opdrag word dan aan hulle gegee om die wêreld vir Christus te wen. Die Handeling-boek is die verhaal hoe die verheerlikte Christus die kerk deur sy Gees lei om getuies teenoor alle mense te wees. Dit is die diepste bedoeling van Christus, dat elkeen van ons, maar ook die kerk as geheel, 'n passie sal hê vir die verkondiging van die evangelie aan alle mense.

Die Here wil dat ons hom met ons hele hart sal liefhê... en met ons hele siel en verstand. As ons nou die Here so intens liefhet, dan sal ons Hom graag met groter toewyding wil dien Die een wyse waarop ons dit kan doen, is om getroue en konsekwente getuies vir Hom te wees.

Kom ons begin waar ons die hart van die evangelie verstaan sodat ons dit dan effektief kan gaan uitdra na 'n wêreld in nood.

(*Nobin Shunmogam*)

Tema 3
'n Kerk wat as een liggaam funksioneer
Handelinge 2: 32-36

Dit verwonder 'n mens telkens dat daar hoegenaamd (nog) so-iets soos 'n kerk is - 'n groep mense wat nie natuurlikerwys by mekaar "hoort" nie, nie noodwendig mekaar as familie sou kies nie, maar wat deur dieselfde Ouerhart bemin en begenadig word. Maar méér nog – dat hierdie kerk bedoel is om *één* te wees! Wat sê dit nie alles oor *God* nie? En oor *óns*? En die *buurtes* en *dorpe* waar "ons" woon...?

'n God wat mense tegemoet hardloop

Vir Christene bly dit deur die eeue 'n uiters belangrike vraag: *Wie is "ons"?* *Wie s'n* is ons – waar hoort ons, waar is ons hart, ons diepste lojaliteit? Dus: *Wie is ons god/God?*

Te midde van 'n ryk verskeidenheid verhale en perspektiewe in die Bybel en deur die eeue, is die uitgangspunt ten opsigte van menswees telkens dieselfde. *Wie (s'n) 'n mens is, bepaal hoe jy lewe.* Wie jou god is, bepaal hoe jy kies. Is jou *gesin* die kern van jou bestaan, bepaal hulle hoe jy jou tyd inrig. Is jou *werk* of *sport* jou god, offer jy noodwendig jou tyd en energie op dié altaar. Behoort jou hart aan *Mammon*, draai jou lewe waarskynlik om geld en besittings. Is jy van Gód se Gees deurdrenk, sien jy alles vanuit Gód se hoek... Waar 'n mens geanker is, of waaraan jy verslaaf is, bepaal hoe jy leef. Daarom sê Jesus in sy bergrede dat mense aan hulle vrugte geken word (Mt 7:16).

In werklikheid is dit ook die enigste manier hoe ons vir *God* kan ken – deur die vrug van Jesus se lewe, en die vrug van die Gees. Op die eerste Pinksterdag ná Jesus se hemelvaart verduidelik Petrus die kern van wat daar gebeur: *"God het hierdie Jesus (wat gekruisig is) uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor ... Die Hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus ... Here en Christus gemaak!"* (Hd 2:32-36).

Hiermee gee die Pinksterverhaal vir ons 'n kykie in God Drie-enig se "hart". Die uitstorting van die Gees is tegelyk 'n soort afronding van Jesus se aardse bediening en in 'n sin die geboorte-uur van die kerk – die voortsetting van Jesus se bediening. Die hele verhaal begin en eindig by God. Dit getuig van wonderbare *eenheid*, van die onbeskryflike harmonie en onderlinge kommunikasie tussen God wat skep en versorg, Jesus die Here wat nuwe lewe en hoop gee, en die Gees wat troos en begelei.

Ons lees ook hiervan in die briewe van Paulus aan jong gemeentes in Klein-Asië. In Efesiërs 1-3 teken die skrywer byvoorbeeld die eindelose seëninge waarmee God die gelowiges *in Christus* en die Gees geseën het. God het hulle gekies, verlos en as eiendom beseël (1:3-14). Dit is wie hulle is – lede van 'n magtige, genadige God se huisgesin (Ef 1:4; 2:19-22). Die skrywer gebruik nóg beelde om hierdie geheimenis mee te verduidelik – hulle is die "volk van God" (1:13), die "liggaam van Christus" (1:23), 'n "nuwe mensheid" (2:15)! Telkens met die *doel* om hulle te nooi en aan te spoor om al hoe meer te wórd wat hulle reeds is – deur God geseën om 'n seën vir ander te wees.

Efes 4-6 is 'n logiese uitvloeisel van wat in hoofstukke 1-3 staan: Daarom dan, omdat julle aan hierdie wonderbare God behoort, lééf waardig die roeping waarmee God julle geroep het (4:1)! Dan volg die eerste sigbare tekens hiervan: *"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam... en één Here"* (4:2-6).

Ongeveer dieselfde tyd vertel ook Lukas die verhaal van Jesus van Nasaret vir sy tyd óór, en voeg daarby die verhaal van Jesus se vroeë volgeling (Handelinge). Miroslav Volf, teoloog uit Kroasië, vertel dat die verhaal van die warmhartige pa in Lukas 15 hom meer as enige ander verhaal in die Bybel gehelp het om iets van God se *hart* te verstaan. "Toe hy (die jongste seun) nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom" (Lk 15:20). Die God van die Bybel is soos 'n Ouer wat hardloop om mense te ontvang, wat hulle met liefde teen sy hart vasdruk en met genade oorlaai – vandag nog!

Dit is so 'n God om wie dit ten diepste in die kerk gaan – 'n God wat nie opgee op mense nie, maar wat hulle innooi en tot 'n nuwe gemeenskap saambind. Dit is *hierdie* God – die God van Jesus Christus en die Gees - wat die fees laat begin, elke dag weer.

'n Liggaam?

En hoe het die vroeë volgeling van Jesus nie getuig en gedans en gesing oor die ontsaglike wonder wat hulle beleef het nie! Wat baie met hul eie oë aanskou het, en waarvan baie eerstehands gehoor het. Dat God 'n méns geword het, tussen hul beweeg het, sáám met hul geëet en gelag het... En dat Jesus hulle hoegenaamd genooi het om hom daarin na te volg! Veral in sy dood en opwekking en hemelvaart. Die hele Handelinge-boek getuig daarvan. Dit vertel hoe verbonde hulle aan Jesus en mekaar geraak het – selfs deur hulle verskille van afkoms en standpunt heen. Dit vertel hoe hulle sy woorde en dade *onthou* het, hoe hulle dit *geglo* het, as sinvol beleef het, en hoe hulle dit telkens letterlik met hul liggame oor grense heen gedra het - al sou dit hul lewe kos!

As die skrywer van die Efesiërbrief die volgeling van Christus met 'n *liggaam* vergelyk (4:4,12,16), het hy duidelik die funksionering van die menslike liggaam in gedagte. Soos Paulus in 1 Korintiërs 12. Dit was immers in dié tyd nie ongewoon om die werking van groepe of organisasies in die samelewing met die funksionering van 'n liggaam te vergelyk nie. Dalk omdat die beeld so byderhand was. Uit eie ervaring sou mense deur die eeue aan eie lyf kon voel en wéét hoe 'n gesonde liggaam (behoort te) werk. Hoe dit uit baie lede bestaan – kop, oë, arms, hande, knieë, tone... En hoe elke lid en orgaan wonderbaar, kunstig via bloedvate, senuwees, bene en spiere tot 'n eenheid verweef is... (lees gerus Ps 139:13-18!).

Met die ontwikkeling van gesondheids- en voedselwetenskappe, is ons vandag waarskynlik in 'n posisie om selfs nóg meer verwonderd oor dié beeld te wees as eeue gelede. Vandag beskou navorsers die kern van liggaamlike gesondheid as die vermoë van *selle* om met mekaar te kommunikeer. Dit is 'n uiters delikate proses - onder andere afhanklik van 'n gesonde dieet, skoon lug, oefening en heel verhoudings. Ons weet ook dat die onderlinge kommunikasie van selle deur besoedeling en verslawing van allerlei aard ontwig en gefrustreer word, en tot menige siektes en selfs die dood kan lei.

Dis op hierdie punt dat die beeld van die kerk as *liggaam van Christus* vir my nuwe betekenis kry. En veral die wonder van eenheid te midde van verskeidenheid. Hoe belangrik verskillende (strukturele) gestaltes van hierdie eenheid ookal mag wees, lyk dit asof die *kern* van dié liggaam se heil eweneens direk afhanklik is van die "selle" (individue of kleinste eenhede) se onderlinge kommunikasie. Van dié momente waar ons "mekaar" (in die wydste sin) se waardigheid, gesag en gawes *erken* en *bevestig*. Waar veral die menswees van "gewone lidmate" omhels word. Waar jonk én oud, vroue én mans, Grieke én Jode – ja, almal! – vry kom in die besef dat die evangelie juis vir mense soos hulle bedoel is (Hd 2:17, 36, 39). Waar die Gees ons soos vuur met die radikale liefde en vrede van God reinig en vernuwe, met die één doel om mekaar te versorg en op te bou (1 Kor 12:7, 13, 25-26, 31-13:1-13; 14:12, 26, 33).

Elke gemeente sal dus vir hulself moet uitmaak: Is die eenheid van die liggaam van Christus hoegenaamd herkenbaar in ons omgewing? Praat gelowiges van verskillende kerke, kulture en tale

op ons dorp, in ons ring (sinvol) met mekaar? Sing en speel en eet en lag hulle ooit saam? Bedien hulle mekaar met God se woorde en gawes – in die erediens en kleingroepe? En hoe dikwels? Of werk hulle gewoon “toevallig” in die week saam? Is hulle kinders bloot “weens omstandighede” saam op skool, en skuur hulle “sonder keuse” slegs by mekaar verby in die winkels en op straat?

Die eenheid van die kerk is nie ‘n luukse nie. Om aan ‘n liggaam te dink sonder dat dit as ‘n eenheid in harmonie funksioneer, is ondenkbaar. Eintlik belaglik. Wie sal glo dat ons ernstig is oor ons geloof? Wie sal hulle wil steur aan die Here wat ons sê ons navolg? En wie sal dink dat Pinkster nog enige sin het?

Liturgiese voorstelle

- *Liedere:* Hosana 69 (1) – *Masihlangene sisonke*; Nuwe Sionsgesange 25:2-3; 379:2; Liedboek 184:2-3, 440:1-4; 478:2 – *God roep uit alle volke ‘n volk vir Hom tesaam.*
- Voorsien oomblikke van *stilte*, veral by intieme momente. Soos die beskrywing van die ouer wat die kind tegemoet hardloop, met verwysing na God (Lk 15:20). Gemeentes sou kon kies om bloot daarvoor na te dink, dit in ‘n kort toneel te dramatiseer, of ‘n *video clip* uit ‘n film oor Jesus se lewe te gebruik... (Die groot vraag mbt die effek van die erediens is die *Godsbeeld* waarmee mense huis toe gaan.)
- Die gemeente kan tydens of ná die diens in *kleingroepe* saamdink: Hóé is God (deur die liggaam van Christus) herkenbaar in ons omgewing? Dus, hoe word hoop in ons straat of buurt gekommunikeer? Dink aan praktiese, alledaagse voorbeelde van individue en groepe se (gebrek aan) betrokkenheid by mekaar en die samelewing. Vra ook vir juisself: Hoe ánders sou die radikale liefde van God die kultuur van geweld en misdaad in ons land kon deurbreek – as dit nie in en deur gelowiges sigbaar, hoorbaar, voelbaar word nie?
- Sulke gesprekke sal waarskynlik ‘n behoefte skep aan *skuldbelydenis* en hernude *toewyding*. Ruim tyd kan hieraan bestee word. Dit kan ‘n unieke oomblik in die kerkjaar wees waar die gemeente so saamdink oor *wie* hulle is, en aan hoe hulle *as liggaam* funksioneer. Dit kan ‘n tyd van diepe emosie wees – van droefheid omdat ons nie lééf wie ons is nie; van dankbaarheid oor gestaltes van God se genade wat verrassend deurbreek; en van hernude verlange om werklik ‘n verskil te maak...
- Begeleiding van emosies sou met *rituele* gepaard kon gaan – tot by die simboliese hernuwing van die gemeente se verbondenheid aan *God*, van gelowiges se verbintenis aan *mekaar*, en hul roeping teenoor die *samelewing* (oor alle moontlike grense heen).
- *Voorbidding:* Dat die bevrydende, helende energie van God se liefde herkenbaar sal wees in ons huise, buurtes en land – juis waar gelowiges met mekaar praat, wys hoe hulle vir mekaar omgee, geregtigheid vir almal nastreef...
- Dat God die gemeente sal lei in moedige (nuwe?) inisiatiewe en prosesse om hierdie liefde en eenheid konkreet te *beliggaam*.

(Elna Mouton)

Tema 4
Die wonder: almal deel in één liefdesgemeenskap
Handelinge 2:43-47

In ons kapitalistiese samelewing klink dit eenvoudig wonderlik: Om jou grond en besittings te verkoop om die geld uit te deel. As mens dié gedeelte oor die vroeë gemeente lees, is dit al wat jy raaksien, en jy voel so bietjie jaloers. *Hulle het met mekaar gedeel*. In liefde. Wat 'n wonderwerk!

Maar vir die mense rondom hulle was dit dalk nie so verstommend soos vir my en jou nie. Onthou, die meeste mense in daardie wêreld was maar arm. As die een deur 'n besonder swaar tyd gaan, sorg die ander dat daar kos op die tafel is. Later werk dit weer andersom. Almal help almal. Meestal was daar nie soveel om te deel nie Selfs net die bietjie wat iemand het, word gedeel. Veral in die Joodse gemeenskappe het dit so gewerk. Dit was 'n gegewe. Geen wonder Annanias en Saffira (Hand 5) is so swaar gestraf omdat hulle nie vrygewig was nie. In dié gemeenskap was wat hulle gedoen het ondenkbaar.

Ons kerk vandag kan baie leer van daardie tyd se mense. Met die probleem van 'n stelsel waar die rykes ryker word en die armes armer en elkeen net vir hom of haarself lewe, sal dit darem wonderlik wees as Christene met 'n werkbare plan vorendag kan kom om die beskikbare geld in die wêreld meer eweredig te verdeel. Of om net meer vrygewig te word, meer om te gee vir ander.

Maar, die eintlike wonderwerk van die eerste gemeente was dat hulle, ten spyte van 'n groot verskeidenheid, tog één was en met mekaar gedeel het. Die Heilige Gees het werklik deur hulle 'n stuk hemel op aarde laat aanbreek. Dit het die mense buite die gemeente se oë behoorlik laat rek. Hier was iets ongewoon aan die gebeur.

As die kerk met die eerste Pinkster bestaan het uit mense wat almal dieselfde kultuur, dieselfde taal, dieselfde sosiale stand, geleerdheid en belewenis van God gehad het, sou hulle maar net nog 'n Joodse sektetjie gewees het. Soos die Esseners (wat bekend was dat hulle hul besittings met mekaar gedeel het) of die Herodiane. Niemand sou twee keer gekyk het nie.

Maar hier het 'n vreemde ding gebeur: Daar was Joodse vryheidsvegters saam met tollenaars wat juis vir die "onderdrukkers" gewerk het. Daar was slawe en eienaars, Samaritane, Jode, Romeine, Grieke, vissers, geleerdes, rykes en armes. Hulle almal het mekaar soos familie behandel, hulle het in mekaar se huise kerk gehou en hulle het saam nagmaal gevier! Hulle het hulle brood in eenvoud en in blydschap met mekaar gedeel. Ongelooflik!

Vir die Jode wat hulself suiwer en eenkant gehou het ter wille van hul Godsdiens, moes dit swaar gewees het om te sien hoe die grense afgebreek word. Hulle het die Christene eenkeer selfs aangekla dat hulle die mense is wat die wêreld omkeer (Hand 17:6).

Hoe kon dit gebeur dat so 'n eenvoudige groepie mense so 'n geweldige opskudding veroorsaak? Wel, die Heilige Gees het die grense tussen die Jode en die ander mense weggevat. Mense het verby mensgemaakte grense na mekaar begin kyk. Ras, taal en kultuur het nie meer getel nie. En hulle het nie net met nuwe oë na mekaar gekyk nie, hulle het regtig ook in liefde vir mekaar begin omgee. Waar so iets gebeur, is presies waar 'n stuk hemel op aarde aanbreek. Die Heilige Gees het deur die kerk iets in beweging gebring. En juis dit het ongelowiges aangetrek na die kerk toe. Ons lees in Hd 2:47: Hulle (die kerk) was in guns by die hele volk en die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

Maar wat van vandag? Hoe lyk ons, die kerk se rekord? George Bernard Shaw, die Engelse dramaturg-filosof vertel in een van sy boeke die verhaal van 'n meisie uit Afrika wat op soek is na God. Sy het baie avonture op haar reis gehad, waar sy met gode, heiliges en helde te doen gehad

het. Langs die pad ontmoet sy eendag 'n snaakse ou man met 'n baard en outydse klere aan. Hy dra 'n vreemde, hoë struktuur op sy rug. Toe die meisie wou help dra, keer hy haar en sê: "Nee toemaar, ek sal dit alleen dra". "Maar wie is u en wat dra u daar?" vra sy. Die ou man antwoord: "Weet jy dan nie? Ek is Petrus. Ek dra die kerk op my rug. Die kerk is mos op my gebou. Maar dis nie so swaar nie. Dis van papier gemaak!"

George Bernard Shaw was natuurlik uit die staanspoor negatief oor die kerk toe hy dié storie geskryf het. Ons moet onself egter afvra: Is dit regtig so? Het die kerk werklik verander van 'n stuk hemel na 'n stuk papier wat niks weeg in ons wêreld nie? Maak ons nog 'n verskil? Bring ons nog die samelewing in beroering? Is vreemdelinge nog welkom by ons? Is nuwe idees welkom, of wil ons nie gepla wees nie? Wil ek opskuif sodat iemand wat anders as ek is langs my in die kerkbanke kan sit, of het ek te geheg geraak aan my veilige plekkie? Voel ek bedreig as die grense die een na die ander verdwyn? Dalk het die kerk die laaste veilige vesting geword waar ek gerus kan voel.

As mens dié vrae vir jouself moet antwoord trek jou keel skoon toe. Wat het geword van 'n kerk waar almal welkom is, waar ons saam nagmaal vier en saam bid? Waar daar elke dag nuwe mense aansluit omdat hulle geraak word deur die stukkie hemel?

Ons het beslis iets verloor, en dis hartseer. Mens wonder: Is alles dan verlore? Het God moed opgegee met ons?

Die antwoord is: Alles behalwe!

Onthou, daar is nie 'n groot verskil tussen ons in ons moderne, kapitalistiese samelewing en die vroeë groepie Christene nie. Hulle was ook gewone mense soos ons, met vooropgestelde idees, met 'n vrees vir almal wat anders as hulle is. Hulle was ook mense met 'n ongemak vir nuwe dinge, en hulle het ook veiliger gevoel binne hul eie mensgemaakte grense.

Maar dieselfde Heilige Gees wat die beroering in die eerste kerk gebring het, is nog steeds aan die werk. En waar Hy werk gebeur onverwagse dinge. Hy stoot met sy liefde die koue mure van ons kerke en die tralies om ons harte om. Hy vat ons saam op sy pad van vernuwning en lewe. Wat vir ons soos 'n dooie takkie lyk, is lankal vir Hom 'n belofte van groot dinge. Hy verander die papierkerk in 'n soliede gebou van begeesterde mense.

Ons kan opstaan en die groot wonderwerk, wat almal se oë laat rek, lééf!

Liturgiese voorstel

Ek stel voor dat ons elemente van verskeidenheid inbring – dalk 'n liedjie in Engels en in 'n swart taal. Verskillende mense in die kerk, nie noodwendig die voorspelbares nie, kan bid en uit die Bybel lees – dit moet verrassende mense wees wat dit nie altyd doen nie. 'n Mens kan 'n appél rig dat mense ander moet nooi wat nie noodwendig in die verlede welkom sou wees nie.

Tyd vir stilgebed kan ingeruim word om te luister na wat die Heilige Gees sê. Die slotlied kan uiting gee aan ons afhanklikheid van die Heilige Gees.

(Lize Meiring)

Tema 5
Fasette van versoening
Lukas 19:1-10; Handeling 9:1-31

As 'n mens dink aan die wonderwerke in die Nuwe Testament, dan dink jy gewoonlik eerste aan die genesing van blindes en dowe, of die opwekking van Lasarus. Maar in die twee gedeeltes wat ons gelees het is daar vier gebeurtenisse wat van die grootste wonderwerke in die Nuwe Testament uitmaak. En hierdie wonderwerke verteenwoordig vier fasette van versoening:

1. Saggeus wat restitusie doen teenoor die mense wat hy uitgebuit het;
2. Saulus, die Fariseër en vervolger, wat oorweldig word deur Christus en ingetrek word in God se sending op aarde;
3. Ananias, die vervolgte, wat gaan bid vir Saulus, sy voormalige vervolger;
4. Barnabas, die bemiddelaar, wat brûe bou en vrede maak tussen Saulus en die kerk in Jerusalem.

Vier fasette van versoening. Dit is die soort wonderwerke wat ons vandag in die NG Kerk-familie en in ons Suid-Afrikaanse gemeenskappe nodig het. Hierdie preek kyk na slegs drie van hierdie fasette, drie versoeningsrolle wat ons in ons gemeenskappe kan (en moet) speel: Dis die Saggeus-rol (restitusie teenoor dié wat ek benadeel het), die Ananias-rol (vergifnis vir dié wat my benadeel het), en die Barnabas-rol (bemiddeling tussen dié wat nie bymekaar kan uitkom nie). Afhangende van wie ek is en wat ek al in die lewe deurgemaak het, word ek vandag geroep en uitgedaag om een of meer van hierdie rolle te speel.

Maar voordat ons elk van hierdie versoeningsrolle bespreek, is dit goed om eers te kyk wat die Belydenis van Belhar oor versoening sê. Daar is een afdeling wat heel pertinent praat oor die skeppende rol wat versoening tussen Christene in die breë samelewing kan speel. Daar staan dat versoening nuwe moontlikhede kan oopmaak vir die gemeenskap en die wêreld. Ook dat Christene, as mense van die komende Ryk van God, die sout van die aarde en die lig van die wêreld is, wat 'n konstruktiewe rol in die breër gemeenskap moet speel.

1. Die Saggeus-rol (Lukas 19)

'n Mens bly nooit dieselfde as jy saam met Jesus eet nie. Saggeus het dit agtergekóm toe Jesus hom uit die boom gehaal het en saam met hom huis toe gestap het. Terwyl die hele dorp staan en skinder oor die slegte geselskap waarin Jesus verkeer, verander Jesus Saggeus se hele lewe. Saggeus was so verbaas dat iemand hom as mens raaksien en ernstig neem, dat hy sy lewe oopgestel het vir die boodskap van God se Ryk. God se Messias en God se verlossing kom sy huis binne en dit word duidelik dat hy ook 'n kind van Abraham is. Terwyl hulle aan tafel sit oorval die werklikheid van sy lewe hom en besef hy die onreg wat hy sy naaste aangedoen het. Maar Saggeus is nie net jammer oor wat hy ander mense aangedoen het nie; hy besluit om iets daaraan te doen; om sy lewe om te keer. Toe hy homself uit die sentrum van sy lewe uithaal en besluit om dit te bou rondom God se Ryk wat in Jesus verskyn, toe besef hy dat hy restitusie sal moet maak, dat hy sal moet regmaak wat hy verbrou het, dat hy die verhoudings wat hy deur sy onreg afgebreek het moet probeer herstel. Dit sou hom lank geneem het om by almal uit te kom, maar die belangrike punt om te verstaan is dat dit nie net gaan oor die geld wat hy moes teruggee nie. Deur geld terug te gee probeer Saggeus die verhouding herstel met die mense wat hy benadeel het. Want dit is wat versoening is: die herstel van 'n versteurde of verbreekte verhouding. Versoening is nie om mense om te koop nie; en daarom sou Saggeus niemand kon forseer om hom te vergewe nie. Die uitgangspunt van Saggeus se versoeningsprojek was nie die siniese gesegde "Geld wat stom is maak reg wat krom is" nie. Dit was die Ou Testamentiese insig in gedeeltes soos Eksodus 21 dat geregtigheid beteken 'n mens gaan maak reg waar jy verbrou het; jy betaal kompensasie as jy iemand benadeel het. Wanneer God se verlossing Saggeus se huis binnekom dan bekeer Saggeus hom tot sy naaste; dan begin hy loop op 'n versoeningspad waarin

hy mense nie meer uitbuit nie en waarin hy restitusie maak teenoor die wat hy tevore benadeel het.

Daar is verskillende maniere waarop ons mense van dag tot dag benadeel; waarop ons mekaar in die verlede in Suid-Afrika benadeel het. Daar is een manier om weer bymekaar uit te kom, na alles wat gebeur het. Dit is die versoeningspad wat Saggeus vir ons wys. Dis een van die langste reise in die wêreld – die pad van die seun na die bure se voordeur nadat sy krieketbal hulle venster gebreek het; of die pad van 'n man na sy vrou om vergifnis te vra vir al die maniere waarop hy haar verwaarloos en verneder het; of die pad van 'n polisie-generaal uit die ou Suid-Afrika na die WVK om te bely wat hy ander mense aangedoen het. Is daar so 'n Saggeus-pad wat jy of ek moet loop? As God se verlossing deur Jesus ons huise binnekom dan word ons lewens omgekeer. Kinders van Abraham is reisigers, nes hulle oervader, op soek na hulle naaste, op soek na versoening, op soek na die herstel van gebreekte verhoudings. Is jy op daardie pad?

2. Die Ananias-rol (Handelinge 9)

Ananias was onwillig om vir Saulus te gaan bid. Hy het goeie rede gehad om te weier: "Saulus is die vyand, hy is hier om ons gevange te neem en voor die Sanhedrin te sleep; ons kan hom nie vertrou nie; Hoe weet ons dat dit nie net 'n manier is om ons groep te infiltrer en ons dan almal te arresteer nie?" Dit het heelwat mooipraat en oortuiging van die Here gekos voordat Ananias bereid was om die Reguitstraat af te stap na die huis van Judas om by Saulus uit te kom. Dit is seker die langste reis in die wêreld – die pad van die slagoffer na die huis van die vervolger, die pad van die benadeelde en vernederde na die een wat haar of hom uitgebuit het. Om wat te doen? Om jou hande op hom of haar te lê en te sê: "Broer Saulus, broer Adrian, suster Dineo, suster Beverley," En die heel moeilikste deel van daardie lang reis is die laaste 50 sentimeter: om naby genoeg aan jou voormalige vyand te kom sodat jy aan hom of haar kan raak. Om deur jou aanraking die vyandskap, die vrees, die weersin of die haat te besweer en af te lê – in die naam van Jesus.

Het ons die innerlike geloofskrag om uit te reik na ons vervolgers, ons voormalige vyande en onderdrukkers? Dit vra 'n lewende spiritualiteit, 'n diep en eerlike verhouding met God. Het jy opgelet hoedat Ananias teengestribbel het, hoe hy teruggepraat het toe die Here hom aangesê het om vir Saulus te gaan bid? Versoening is nie 'n oppervlakkige "kiss and make up" ter wille van die vrede nie. As versoening eg en eerlik is, dan gaan dit altyd gepaard met pyn, soms selfs met konfrontasie, omdat dit in versoening gaan oor die genesing van wonde, die heelmaak van gebroke verhoudings; ook die stryd teen my eie onversoenlikheid en hatigheid waarin ek wegkruip van God en my naaste. Soms vertroetel ons ons wonde; met ander kere steek ons hulle weg of ontken hulle; dan stal ons hulle weer uit om simpatie te soek by ander mense. Maar in al hierdie gevalle dwarsboom ons die moontlikheid van versoening met dié wat ons benadeel het. En daarmee dwarsboom ons God se sending in hierdie wêreld.

Ananias sou nie na Saulus toe gegaan het as die Here nie vir hom kon sê dat Saulus reeds verander het nie. Dit maak dit veel makliker as ons weet dat die een wat ons benadeel het of onderdruk het al klaar op die pad van bekering en vernuwing is. Maar selfs as sy of hy nog nie verander het nie – of as ons nie weet of hulle al (regtig) verander het nie – dring die evangelie my om al in my kop en in my hart te begin vrede maak met hulle; om die houding te ontwikkel van vergewensgesindheid en bereidheid tot vergifnis. As ek dit nie doen nie, dan laat ek toe dat die onreg en die pyn van die verlede my lewe vergiftig; dan word ek van my lyding 'n bitter mens, in plaas van 'n beter mens.

Het ek die volwassenheid en geestelike krag om my kwaaddoeners te vergewe? Waarskynlik nie. Elke keer wat ek dit regkry is dit 'n wonderwerk van God se genade, wat my daartoe bring om Jesus se gebed aan die kruis (Vader, vergewe hulle ...) en Stéfanus se laaste gebed (Here, moenie hierdie sonde teen hulle hou nie) self vir my vervolgers en vyande te bid. Maar ons moet geen

illusie hê oor versoening, asof dit 'n eenmalige gebeurtenis is nie. Dis in werklikheid 'n lang reis waarin elke dag nie ewe maklik is nie, en waarin ek geduld met myself moet hê. Bo alles is dit belangrik om eerlik te wees met myself oor my gevoelens en gedagtes; en ook eerlik in my ontmoeting met iemand wat my benadeel het. Oppervlakkige versoening bring ons nêrens nie; maar as ek botweg weier om te vergewe en my pyn as 'n stok gebruik om my kwaaddoener vir ewig mee te slaan, dan verstaan ek ook nie God se genade-evangelie nie. Erens vandaan sal ons die genade en geloofskrag moet kry om saam met Ananias in Reguitstraat af te stap om seënende hande te gaan lê op die Saulusse wat ons benadeel en seergemaak het. En dan sal ons saam moet gaan werk aan die strukture en samelewingspatrone wat nog steeds soveel mense benadeel en verarm.

Daar sal nooit versoening in ons huwelike, in ons gesinne, in ons gemeentes, in ons skole, winkels, fabriek en gemeenskappe – of selfs tussen lande – wees as ons nie bereid is om die Ananias-opsie uit te oefen nie.

3. Die Barnabas-rol (Handelinge 9)

As dit vir Ananias en die ander volgelinge van Jesus in Damaskus moeilik was om Saulus te aanvaar en vergewe, stel jou voor hoe moeilik dit vir die Christengemeenskap in Jerusalem moes wees om hom in hulle midde op te neem. Dis immers waar hy vele volgelinge van die weg laat arresteer het en voor die Joodse Raad laat bring het om in die tronk gegooi te word (Handelinge 8:8). Dit is waar hy goedkeurend by Stéfanus se steniging gestaan en kyk het sodat die gemeente van Christus uit Jerusalem verstrooi is. Hoe sou die gemeente wat in Jerusalem oorgebly het hom kon vergewe en aanvaar?

Daar is baie sulke vasgevalde verhoudings in die wêreld. En sulke verhoudings kom dikwels nooit reg tensy iemand van buite as 'n bemiddelaar bykom nie. Barnabas was so 'n bemiddelaar, 'n vredemaker wat op eie inisiatief, sonder dat iemand hom gevra het, die twee partye bymekaargebring het. Barnabas het Saulus se potensiaal as 'n getuie vir Christus besef; hy het ook besef dat Saulus nêrens sou kom as hy nie op een of ander manier deur die leiers in Jerusalem aanvaar word nie. Die eenheid van die kerk van Christus was, soos dikwels in die geskiedenis, op 'n heel besondere manier op de spel. In Handelinge 9:27 klink dit so eenvoudig: "Barnabas het hom toe na die apostels toe gevat en vir hulle vertel ... Saulus het toe oral in Jerusalem saam met hulle rondgegaan en openlik in die Naam van die Here gepreek." Barnabas vertel hulle dat Saulus op die pad na Damaskus die Here gesien het, dat die opgestane Heer met hom gepraat het, en dat hy in Damaskus openlik in die Naam van Jesus gepreek het. Hierdie drie stukkies getuie oor Saulus, op gesag van Barnabas, maak die deur vir Saulus oop om opgeneem te word in die hart van die Jesus-beweging van daardie tyd. Dit was 'n ongelooflik belangrike gebeurtenis vir die geskiedenis van die kerk. 'n Mens sou kon sê dat daar nie 'n universele Christelike kerk van alle tale en kulture sou gewees het sonder hierdie versoening tussen Saulus en die kerk van Jerusalem nie. Hoe sou die Nuwe Testament gelyk het sonder die 13 briewe van Paulus? Hoe sou die Jesus-beweging ontwikkel het sonder Paulus se reuse-bydrae om die een versoende, veelkleurige liggaam van Christus uit Jode en nie-Jode te versamel? Dalk het dit dan net 'n klein sekte binne die Jodedom gebly, wat mettertyd sou verdwyn het.

Barnabas sien die probleem, hy vat Saulus se hand en stap saam met hom na die kerkmense in Jerusalem. En hy help hulle om bymekaar uit te kom. Vandag het ons duisende Barnabasse in ons land en in die NGKerk-familie nodig wat vasgevalde en onversoende verhoudings sal raaksien en iets daaraan sal doen. Mense met genoeg geloofwaardigheid aan beide kante van die konflik, mense van integriteit wat nie magspeletjies speel nie maar dienaars, bedienaars, van God se versoening wil wees.

4. Ten slotte

Nie een van ons is eenvoudig 'n Saggeus of 'n Ananias of 'n Barnabas nie. Op 'n manier is elkeen van ons tegelyk 'n kwaaddoener, 'n verontregte en 'n (potensiële) vredemaker. Maar het ons die geloofsvisie en geesteskrag om hierdie rolle te speel wanneer dit nodig is? Dit is juis waaroor Pinkster gaan: Bemagtiging deur die Gees van God om my deel te doen, waar en wanneer nodig, om God se versoeningswerk in hierdie land te dien.

(Klippies Kritzing)

Tema 6
"...Christene genoem"
(Hd 11: 19 – 26, Hd 14:26-28, Hd 13: 1-3)

Die verhaal van die gemeente Antiochië is nogal merkwaardig. Na die steniging van Stephanus en die vervolging van gelowiges in Jerusalem, het 'n groepie vlugteling 'n klein gemeente in die groot wêreldstad Antiochië begin. Dié groepie gelowiges was aanvanklik baie in hulleself gekeer – na die gebeure in Jerusalem kan mens die skugterheid en vrees verstaan. Ons lees dat hulle net met mede-Jode oor hulle geloof gepraat het. Die kerk het nog 'n volledig Joodse karakter gehad - lidmate was meestal Jode.

Op 'n dag het alles skielik verander. 'n Klompie nuwe lidmate uit Siprus en Sirene het met vrymoedigheid oor hulle geloof begin getuig, ook teenoor mense van ander tale en kulture. Teenoor Grieke en waarskynlik ook Romeine, mense uit Noord Afrika, die Midde-Ooste, ensovoorts. Die gemeente het begin verstaan dat Christus nie net vir Jode gekom het nie, maar ook vir mense met ander tale en uit ander kulture. En hulle het doelbewus begin uitreik na dié mense. In hulle verkondiging gebruik hulle selfs doelbewus die Grieks-Hellenistiese "*Kurios*" vir Jees. (Teenoor die term Christus, afgelei van die Joodse "Messias"-begrip, beteken die Grieks-Hellenistiese term "*Kurios*" "koning", "heerser" of "Here", Heerser oor almal, ook oor die Heidene): die evangelie word dus nuut vertaal! Gou het die gemeente 'n soort "multikulturele" gemeente geword. In groot getalle is mense toegevoeg. Soveel het die Here die gemeente laat groei, dat hulle vir Barnabas as leraar moes beroep om te kom help om die lidmate toe te rus en te bemoedig (Barnabas beteken: "die een wat bemoedig") vir hulle getuienistaak. Kort daarna moes hulle 'n tweede leraar beroep - Paulus is laat kom om te help. In Hd 13 lees ons selfs al van vyf leraars in die "makro-gemeente" – skynbaar afkomstig uit verskillende kulture en tale – kyk maar net na die lys name! Nie net het die gemeente in die eie omgewing, binne hul eie stad uitgereik nie. Die gemeente van Antiochië het ook na buite – ver buite die stadsgrense - begin uitreik. Toe hulle verneem van droogte en hongersnood, het hulle 'n mooi bydrae vir die arm, sukkelende gemeentes in Judea en Jerusalem ingesamel. En in Hd 13 lees ons hoe hulle twee van hulle beste leraars afgesonder en as sendelinge uitstuur het. Dié sendelinge het hulle getrou bly ondersteun, hulle het as medewerkers betrokke gebly by hulle sendelinge se werk, vir hulle gebid en hulle versorg.

Van 'n klein groepie vlugteling, wat eers net na binne gekeer en eksklusief Joods was, bang om openlik te getuig, bang vir vreemde mense, het die gemeente in Antiochië gegroei tot die belangrikste sentrum vir die uitbreiding van die Christendom na alle nasies. Die fakkel wat eers deur die Jerusalem-gemeente gedra is, het die Here nou oorgegee aan hierdie nuwe, inklusiewe en multikulturele gemeente in Antiochië. Was dit nie vir wat in Antiochie gebeur het nie, was ons hier in Suid Afrika sekerlik nie vandag gelowiges nie!

Waar lê die geheim van hierdie gemeente se groei? Hoekom kon die Here juis vir hulle so wonderlik as instrument gebruik? Dalk lê die antwoord in vers 26: "*In Antiochië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem*" – letterlik: *Christus-mense*. Dié bynaam het hulle van mense buite die gemeente gekry. Natuurlik het die bynaam *Christen* 'n bepaalde betekenis gehad. *Christus* beteken *gesalfde*: om in 'n amp bevestig of gesalf te wees. Die Skrif leer dat Christus in die ampte van profeet, priester en koning gesalf is. Sy amp het die drie fasette vertoon – drie ampte in een. (HK vraag 30). As gelowiges dan die bynaam *Christene* of *Christus-mense* kry, word daarmee aangedui dat hulle, nes Christus, ook in die drie-erlei amp van profeet, priester en koning gesalf is (HK vraag 31). Of ten minste het mense iets van die ampte in hulle lewens raakgesien.

Wat het elk van die ampte behels?

1. **Profete** was mense wat spesiaal deur God geroep is om 'n boodskap oor te dra. Dink maar aan die Ou Testamentiese profete. Hulle is meestal na hulle eie mense gestuur, maar dikwels ook na

ander. Soms moes hulle sonde en onreg gaan uitwys en mense oproep tot gehoorsaamheid. Meestal is hulle egter gestuur met die goeie nuus oor God se beloftes van verlossing en hoop vir die toekoms. Boodskapdraers.

Christus se roeping as profeet was om te kom vertel van God se Koninkryk en van die wil van die Vader. Maar meer nog; Hy word self die goeie nuus, Hy het self die boodskap van verlossing en hoop geword. Hyself is die Goeie Nuus vir die hele wêreld.

As die gelowiges in Antiochië *Christene* genoem word, is dit juis omdat hulle as draers van hierdie boodskap uitgeken is; dit kon in hulle woorde en daede gesien word, in hulle liefdesgemeenskap en in hulle manier van aanbidding. Hulle het met mekaar gepraat oor die goeie nuus van die verlossing, maar hulle het die boodskap ook verder uitgedra, dit openlik, in die openbaar, verkondig en uitgeleef. Die boodskap is na ander mense uitgedra – selfs ook na vreemdelinge. Hulle was profete, boodskapdraers. Dit kon die mense sien en hoor. Daarom het hulle die bynaam *Christene* gekry.

2. **Priesters**, so leer die Ou Testament, het diens gedoen by die tempel waar mense offers kom bring en kom aanbid het. Daar het hulle met deernis na mense wat kom offer het, die pelgrims, se pyn en gebrokenheid geluister en vir hulle gaan intree by die Vader, met gebede en met offers... en daarna het hulle die heling en vergiffenis weer kom uitdeel aan die mense. Priesters se hoofdoel was diens, opofferende diens, omgee-werk, voorbidding.

Christus was die Priester by uitnemendheid. Aan die kruis het Hy nie maar net nog 'n offer gebring nie, nee, Hy het homself daadwerklik geoffer – uit liefde. Die Lam vir ons geslag... omdat Hy soveel omgee het vir gebroke, sondaarmense. En as Hoëpriester tree Hy vir ons in by die troon van die Vader, onophoudelik.

Iets van hierdie *priester-wees-vir-ander*, 'n liefdevolle offervaardigheid, hoe hulle met Jesus se oë na ander en na die nood in die wêreld gekyk het, ook dit kon gesien word in die lewe van die Antiochië-gelowiges. Hulle het regtig met deernis gelewe. Hulle het selfs ook offers gebring vir die mense daar ver, vir die vreemdes... Daarom is hulle *Christene* genoem.

3. **Konings** se roeping was om in gehoorsaamheid aan God se wil, oorwinnend te lewe. In die Ou Testament sien ons dat juis wanneer konings nie gehoorsaam aan die Here regeer het nie, wanneer hulle self op hul eie troon probeer sit het, hulle veroorsaak het dat die volk hul vryheid verloor en slawe geword het. Konings se werk was dus om die hele tyd weg te wys van hulleself, na die eintlike Koning en sy Wet en om aan Hom gehoorsaam te wees, want dan het dit goed gegaan met die volk.

Christus was ook gesalf as Koning. En Hy was gehoorsaam, tot die dood toe. Daarom is Hy verhef tot die Vaders troon – as oorwinnaar en koning! Vandaar regeer Hy oor die kerk en oor die wêreld.

Ook gelowiges is gesalf as konings. Ons is Koningskinders, geroep om gehoorsaam en daarom oorwinnend te lewe. Om konings te wees beteken om weg te wys van onself, om juis nie op ons eie troon te sit nie, maar om altyd na die eintlike Koning te wys – en gehoorsaam aan die Koning te lewe. Want daarin sit die oorwinning, die vrede en die vreugde.

Omdat die mense van Antiochië so geleef het, omdat hulle so anders geleef het, so uitgestyg het bo verslawing aan sonde en heengewys het na die Een wat die eintlike Koning is, is hulle as kinders van die Koning uitgeken. Daarom het hulle die bynaam *Christene* gekry.

Vandag nog bly dit die kern van ons roeping as kerk en as gelowiges: om profete, priesters en konings te wees. Om Christus hierin na te volg. Dis wat die woord *Christen* beteken: *Christus-*

mense, gesalf in die Christus-ampte. Die geheim van die gemeente in Antiochië se groei het in hul gehoorsaamheid aan dié roeping gelê.

Sê nou maar, sê nou maar net mense kan vandag weer vir ons ook die bynaam *Christene* gee...!

Liturgiese voorstelle

- Daar kan in kleiner groepe gesels word oor baie praktiese maniere waarop ons vir mekaar, maar ook vir ander, profete, priesters en konings kan wees. Noem voorbeelde waar dit reeds gebeur.
- Besin oor die vraag of dit moontlik is om in ons eie konteks werklik profete, priesters en konings te wees, as ons dit op ons eie, sonder ons broers en susters uit ander taal en kultuurgroepe, probeer doen.
- In die gebede kan daar stilgestaan word by die drie fasette van die kerk se werksaamhede. Dat ons deur die Heilige Gees tot priesters, profete en konings omvorm sal word – tot Christene.

(Gideon van der Watt)

Tema 7
“'n Kerk vir almal!”- eenheid te midde van diversiteit
Handelinge 15:1-35

Een van die treffendste prentjies van die Kerk vir my, is die beskrywing in *Openb 7:9* van 'n ontelbare menigte van elke nasie, stam, volk en taal, saam vergader voor die troon van die Lam! *'n Kerk vir almal! Saam...*

Ek droom van 'n nuwe “kerk-kultuur”... 'n ruimte vir God se kinders, waar mense soos ek en jy - gevangenes van ons eie Suid-Afrikaanse verlede, gemarginaliseerdes, gekneusdes, gekwestes - vry kan wees... los kan wees van skuld... opgewonde oor wat God besig is om onder die mense van Suid-Afrika te doen!...

Die profetiese woorde van *Jes 2:3* kom by my op: *“In daardie tyd sal die mense sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die Here toe, na die huis van die God van Jakob sodat Hy ons sy wil kan leer, en ons daarvolgens kan lewe, want uit Sion kom die openbaring, uit Jerusalem die woord van die Here.”* Wat 'n wonderlik dag sal dit nie wees as dié woorde kan waar wees van die Kerk in SA nie! Dat ons só één kan wees, sodat die wêreld kan glo! (*Joh 17:21*).

Ongelukkig is die realisering van hiérdié één-wees vandag in die NG Kerkfamilie onder groot druk. Diversiteit in die familie wat betref taal, kultuur, style van aanbidding en verstaan van die Skrif op belangrike punte, dreig om die familie nie net weg van mekaar te hou nie, maar selfs nog verder van mekaar te laat beweeg. Tog is dit in die geskiedenis van die Kerk is niks nuuts nie. In ons teks (*Hd 15*), het die vroeë kerk ook voor só 'n dilemma en uitdaging te staan gekom.

Tot op daardie stadium was die kerk in hoofsaak beperk tot Jerusalem-Judea. Die groot meerderheid lidmate was Joodse gelowiges. Vir hulle was die kerk deel van die groter godsdiens van Judaïsme. Maar nou, na Paulus se eerste sendingreis, het daar skielik groot getalle nie-Joodse gelowiges in die kerk ingestroom! Wat nou? Hoe moet die kerk nou lyk? Moet hiérdié nuwe (nie-Joodse) gelowiges eers Joods word om deel van die kerk te kan wees? Of lê hulle deelwees van die kerk op 'n ander vlak?¹ In vandag se konteks sou mens kon vra, *waarin lê die eenheid van die kerk te midde van die groot diversiteit?*

In die konteks van *Hd 15* was daar uiteenlopende reaksies op die instroming van nie-Joodse gelowiges in die kerk. Daar was die vrees van die gelowige Fariseërs, 'n “laertrek” houding, van “*hulle-kan-deel-van-ons-wees-as-hulle-soos-ons-word*” – m.a.w. eers die besnydenis en die onderhouding van die Joodse wet, dan... Maar dan was daar ook dié wat verwonderd was oor wat God besig was om te doen! Mense soos Petrus, en Paulus en Barnabas). *God het aan hulle die Heilige Gees gegee net soos aan ons! (vers 8)... God self het begin om na die nie-Joodse nasies om te sien deur vir Hom 'n volk uit hulle te versamel! (vers 12).*

Daarom, in die aangesig van hiérdié oorweldigende getuigenis, het die hoofsaaklik Joodse Kerk in Jerusalem die geweldige groot besluit geneem om, behalwe enkele praktiese reëlings, *dit nie moeilik te maak vir die nie-Jode wat hulle tot God bekeer nie (vers 19).*

Die bedoeling was seer sekerlik om ruimte vir mekaar te maak – 'n eenheid te midde van diversiteit – daarom kan mens nie anders as om baie positief daarvoor te wees nie. Ongelukkig was dit 'n ongelyke eenheid. Waar die besnydenis en die Joodse wet nou nie noodsaaklik was vir die nie-Jood wat gelowig geword het nie, is dit nog steeds van 'n Joodse gelowige verwag... Dié krakie van inkonsekwentheid sou spoedig oopbars. Paulus en sy gemeentes in Klein-Asië het heel tereg ingesien dat as besnydenis vir die een groep onnodig was, dit ook vir die ander groep geld.

¹ Ofskoon die Bybelskrywers baie keer hiérdié konflik skynbaar polimiseer in 'n “werke vs genade” raamwerk, gaan dit eintlik daaroor “*Hoe lyk die kerk?... Wie is die kerk?*”.

Net voor Paulus in Jerusalem met gefabriseerde aanklagte in hegtenis geneem is (*Hd 20*), is hy dan juis deur die leier van die kerk in Jerusalem, Jakobus, gekonfronteer oor die gerugte dat hy in sy gemeentes buite Israel almal (Jood en nie-Jood) vrygestel het van die besnydenis en die Joodse wet. Paulus boet op die ou end daarvoor met sy lewe, maar die gety kon nie meer gekeer word nie. Die kind (die nie-Joodse deel van die kerk) het die moeder (die Joodse deel van die kerk) nie net verbygesteek nie, maar oorgeneem. Die kerk het haar eng Joodse identiteit ontgroeï..

Dit waarmee goed begin is in *Hd 15* het tot stilstand geknars... Haar weiering om die algehele geldigheid van Paulus se proklamasie aan die nie-Jode te erken, het die begin van die einde vir die hoofsaaklik eksklusiewe Joodse kerk in Jerusalem ingelei. Die kerk in Jerusalem het haarself al meer en meer geïsoleer in pogings om haar Joodsheid te beskerm. Met die Joodse oorlog en die vernietiging van Jerusalem in 70 nC het dit wat oorgebly het van die kerk geen heenkome (weens sy separatisme) gehad nie. Die verstrooide reste sou vir die volgende paar eeue hulself probeer handhaaf, maar sou gaandeweg in die vergetelheid van die eeue verdwyn.

Van die eens lewenskragtige kerk van die apostels in Jerusalem het net mooi niks oorgebly nie. 'n Kerk, in enige tydvak, wat haarself afsonder en isoleer, en nie eenheid met die groter en breër kerk najaag nie, is gedoem om dieselfde pad te loop.

Dit moet in die kerk van die Here gaan bo alles om 'n eenheid wat in Christus Jesus gewortel is. Geen prys moet as té hoog of té veel gevra beskou word nie. Die geskiedenis van die vroeë kerk leer ons dat kulturele en etniese onderskeidings verander en verdwyn. Daarom is dit in die groter prentjie relatief en mag dit nooit in die weg van die eenheid van die kerk van die Here staan nie!

Al kriteria vir insluiting in die kerk van die Here, is 'n geloofsverbintenis al dan nie aan die Here van die kerk. Sy kerk is één.

Opmerkings:

Vroeër in die NGK-familie is *eenheid te midde van diversiteit* gesien as verskillende kerke vir verskillende tale, kulture, en style van aanbidding. Dit het ons gelaat met behalwe die NGK, ook die NGKA, die NGSK, die RCA en meer resent die VGKSA. (Selfs binne die "wit" NGK was daar eie gemeentes vir Nederlands-, Portugees- en Engelssprekende lidmate). Maar dié situasie – soos die *Hd 15*-besluit in die Vroeë Kerk – het in homself vasgeloop. Die diversiteit is nie positief konstruktief ingespan nie, maar eerder verdelend... en baie min van die eenheid het regtig tereg gekom. Wat nou nodig is, is om die diversiteit in die NGK-familie só in te span om die eenheid te verryk en te verdiep.

In 'n preek hieroor kan daar met dié doel aan die volgende aksente vasgehou word:

- 'n Eenheid wat in Christus alleen lê, wat op Pinkster-Sondag deur die Heilige Gees aan sy Kerk geskenk is, moet prakties sigbaar vergestalt in 'n Kerk vir almal – waar mense ongeag taal, kultuur, kleur ten volle deel van is.
- Die positiewe van die gebeure in *Hd 15* is dat dit 'n eerlike poging was om die nuwe konteks in die Kerk se kort geskiedenis te verreken (*vgl veral verse 9-10, en 19*). Dit was vir sy tyd 'n ontsettende revolusionêre besluit wat geneem is wat definitief nie almal se goedkeuring weggedra het nie (*vgl maar die gebeure in Gal 2*). Die NGK-familie staan vandag weer voor nêr só 'n groot uitdaging waarvoor nie uit vrees (*vgl die gelowige Fariseërs in verse 1 en 5*) weggeskram moet word nie. Eerder moet die *kairos* met verwondering aangegryp (*vgl Petrus e.a. in verse 9-14*) oor dit wat God besig is om self te doen!
- Daar sal ook gewaak moet word dat mooi besluite van nou – soos in *Hd 15* – nie vasval en later die heeltmaal ontspoor nie. *Hd 15*-besluite word nie net een maal gemaak nie, maar voortdurend soos die Kerk van die Here besig is om te word DIT wat sy veronderstel is om te wees.
- In die konteks van die *Seisoen van Luister* kan die gemeente uitgedaag word: Na wie luister ons? Luister ons na mense se vrese? (*vgl. verse 1 en 5*)... of luister ons wat God besig is om

NOU te doen? (vgl. verse 9-14)... Luister ons na die Woord? (vgl. verse 15-18)... Luister ons na die Gees van Pinkster-Sondag? (vgl. verse 19, 28ev)

- Die positiewe ontvangs van die Hd15-besluite (vgl. vers 31) kan verstaan word as God se seën op elke moeilike "Hd 15-tipe besluit" wat die kerk gemaak het, en wat nou van die NGK-familie op hiérdie tydstip gevra word.

(De la Harpe le Roux)

Tema 8
“Waar die Here werk...”
Hd 16:1-15

Paulus en Silas was saam op reis – die tweede sendingreis. Hulle wou gaan kyk hoe dit met die gelowiges en die nuwe gemeentes gaan, oral waar hulle op die eerste sendingreis die Woord bedien en gemeentes geplant het. Die jongman Timoteus en ook Lukas het later by hulle aangesluit. Op die reis het hulle planne egter uitgeloop, het dinge lelik begin skeefloop, die vroeë kerk het in ‘n krisis beland.

Die twee prominente kerkleiers, Paulus en Barnabas, het stry gekry, skerp meningsverskil. Hulle het besluit om elk op ‘n eie weg te gaan... die weë het geskei (Hd 16:39). Het skeuring het in die kerk ‘n realiteit geword!? In weerwil van die nuwe Hd 15-besluite (die “sinodebesluite” van die pasafgelope Jerusalem vergadering, het Paulus die jongman Timoteus besny. Dit, “ter wille van die swakheid” van sommige Joodse broeders. Maar net daarna gaan Paulus sowaar voort om die besluite wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem geneem het, aan die gelowiges te verduidelik, en hulle selfs te “beveel” om dit te aanvaar. Van inkonsekwente leierskap gepraat...! Daar was duidelik verwarring in die kerk, oor nogal sentrale waarhede. Die kerk was inderdaad in ‘n krisis.

Oor die koers wat Paulus en die ander leiers nou moes neem, was daar ook onduidelikheid, ‘n soort planloosheid. Hulle wou na Asië reis, om die evangelie in dié strategies belangrike provinsie te gaan verkondig. Maar hulle is verhinder. Deur niemand minder as die Heilige Gees self nie! As dit nog die heidene was, of die Jode, maar God self keer hulle hier om die evangelie te gaan uitdra...! Ook toe hulle die grens van Misië wou oorsteek, Bitinië toe, het die Gees van Christus daar ‘n stokkie voor gestee. Hoe moet hulle dan die leiding van die Here verstaan? Watter koers dan? Onbepland land hulle toe in Troas.

Wat ‘n verleentheid: die kerk sonder koers! Verdeeld, verward, planloos. Ons kan ons nogal heeltemal inleef in die situasie. Ons ken die gevoel...

Ver daarvandaan, in die stad Fillipi, was daar ‘n vrou wie se lewe ook vasgeloop het. Ook sy was op soek na antwoorde. Lidia was van nie-Joodse afkoms, oorspronklik van Thiatire. Sy was dus vreemd in die geweste. Waarskynlik was sy ‘n weduwee. Sy was heel moontlik ook welaf. Sy het as sakevrou handel gedryf in duursame pers wolmateriaal (Thiatire was bekend vir die purper kleurstof en duur materiaal) – ons sou kon sê dat sy ‘n soort mode-onderneming bestuur het. Sy het ‘n groot-genoeg huis en ‘n hele huishouding gehad. En tog was sy op soek na antwoorde. Wie is God, die ware God? Waar kan sy egte gemeenskap met God en medegelowiges vind? Daarom het sy aangesluit by ‘n gebedsgroepie van Joodse vroue, wat buite die stadsmure langs die Gangites rivier byeengekom het – by ‘n randgroepie, ‘n klein minderheid. Daar was in die stad nie eers genoeg Jode (10 gesinne sou genoeg wees) om ‘n sinagoge te vorm nie. Was die gebedsgroepie regtig relevant? Sou dit antwoorde op haar diepste vrae kon bied? Was die ware God daar? Aan die werk?

Dat Paulus en sy geselskap in Troas beland het, was sekerlik nie toevallig nie. Een nag het hy daar ‘n gesig gesien. ‘n Masedoniese man (‘n engel, Christus Jesus self?) het by hom kom smeek: “*kom oor na Masedonië toe en help ons...*” Paulus hulle het dié leiding aanvaar en ‘n nuwe koers ingeslaan. Hulle het verby strategies belangrike bakens, soos die eiland Samotrake, (die mekka van die misteriegodsdienste) gereis, Masedonië toe, vir die eerste keer na Europese bodem toe. En in Fillipi moes hulle eers weer ‘n paar dae wag...

Totdat die Sabbat aanbreek, die rusdag. Soos die gewoonte was het Paulus en sy geselskap na ‘n Joodse bidplek gaan soek. Die enigste wat hulle kon kry was die plek buite die stad, langs die rivier, waar ‘n groepie Joodse vroue vergader het. Paulus hulle het met die vroue begin gesels. Hy het ook aan hulle die evangelie begin verkondig: dat Jesus Christus die verwagte Messias is, die

Here; dat Hy uit die dood opgestaan het en dat Hy lewe! Hierdie woorde het in Lidia se hart weerklank gevind, want sonder dat sy besef het, het die Here self haar hart vir Paulus se woorde voorberei en ontvanklik gemaak. Op die Sabbat het sy die ware God ontdek. Op die rusdag vir mense, was God aan die werk. Deur hierdie Woord oor Christus Jesus, die Seun van God, is haar lewe verander. Haar hele huishouding is verander. Haar mense is gedoop, haar huis het 'n klein gemeente geword, die byeenkom- en vertrekpunt van die kerk in die streek, wat voortaan opnuut sou moes leer koershou deur die bitter moeilike en onstuimige tyd wat sou volg. God se plan met die amptelike "leiers" van die kerk, hulle hele soeke na rigting, en die klein vrouegebedsgroep in Fillipi, het bymekaar uitgekóm. Dit het mooi uitgewerk, soos God dit self beplan het.

Een van die belangrikste dinge wat met Lidia gebeur het nadat sy tot die kerk toegevoeg en volgeling van Jesus Christus geword het, was dat haar huis se deure oopgegaan het. Daar was 'n gasvryheid, 'n versorgende warmte... selfs vir vreemdelinge soos Paulus en sy medereisigers. Presies dit was die bevestiging dat sy nou in die Here geglo het (vers15).

(Die gemeente sou nou eers tyd kon neem om die verhaal te oordink en te bespreek. Wat leer dit alles oor die kerk of die gemeente vandag, oor hoe ons funksioneer, hoe ons besluite neem, hoe ons behoort te luister. Dit leer ons ook waar die kerk te vinde is...)

In 'n verdere oordenking kan die volgende dimensies in die verhaal onderstreep word:

1. Die verhaal illustreer op helder wyse dat dit ten diepste gaan oor God self wat aan die werk is, in en deur God se kerk. Maar ook daarbuite. Ook in mense se lewens. Dit gaan nie in die eerste plek om die kerk se planne of die kerk se eie projekte, hoe strategies of effektief ons dit ookal probeer beplan of uitvoer nie. God self, deur die Heilige Gees, neem die leiding, laat dinge gebeur, verhoed ander dinge om te gebeur, berei harte voor, gebruik die Woord, gebruik individue en gebedsgroepies, gebruik selfs nuwe en "alternatiewe" vorme van kerkwees en roep en stuur "leiers" - soms ook op die mees onverstaanbare, onlogiese paaie. Die hele boek Handelingte dwing ons om te vra, voortdurend te vra, wat God aan die doen is, waar God besig is om te werk. Want ons roeping is om juis daarvan deel te word; ons word uitgenooi om in te skakel by God se sending na die wêreld (*missio Dei*); dit gaan nie in die eerste plek om die kerk se eie sending (*missio ecclesiae*) nie.

Die radikale fokus van Handelingte op God wat werk, onderstreep die versoeking wat vandag sterker as ooit is, naamlik om die mens self sentraal te stel in die kerklike beplanning en inrigting. Wat wil die mense? Watter strategie gaan die mense die meeste bevredig? Hoe gaan ons die kerk se beeld herstel en bou om by mense relevant te bly? Hoe kan ons 'n verskil maak? Hoe kan ons die kerk bemerk en so aantreklik moontlik op die markplein van die moderne verbruikersmaatskappy laat vertoon? Watter strategiese skuiwe is nou nodig? Asof ons en al ons planne die groot verskil kan maak! Asof alles van die "leiers" afhang. Te maklik vergeet teoloë en kerkleiers en kerklike vergaderings om altyd weer te vra: wat doen God? Waar werk die Here reeds? Hoe kan ons inpas in God se agenda?

2. Daarom roep Handelingte ons op om voortdurend weer stil te word, tot rus te kom van ons eie (dikwels koersagtige) agenda en te luister. Te luister na die stemme uit ons omgewing, naby ons, maar ook stemme van daar ver, die noodkrete wat roep: *kom oor en help ons*. Dit beteken ook dat ons na mekaar sal luister, na ander mense, na gelowiges in ander kerke, na hulle wat ons voorgestaan het, en ja, juis ook na hulle wat dalk anders as ons dink en voel. Dit beteken dat ons altyd eers weer biddend sal vra na die wil van God, sal luister na sy Woord, na die influistering van die Gees. Om met fyn aanvoeling te kan onderskei waarheen die Here met ons oppad is. Dit is opvallend hoe die kerklike gemeenskap in Handelingte al biddende gewerk het, al luisterend – want daarin is hulle totale afhanklikheid van die God, wat in die opgestane Christus en deur die Gees van Christus, self die kerk geleer en gelei en bewaar en uitgebou het, geïllustreer. Hulle het gewerk met die verwagting dat God self sy gemeente versamel en bou en hulle dan uitstuur en

gebruik in sy sending na die wêreld. Telkens is dit die Here self wat nuwe lidmate toegevoeg, die kerk laat groei, vrymoedigheid gee en die Woord laat uitbrei oor die grense, so herhaal Handeling 13:46 dit by elke nuwe "grens" wat oorgesteek word, tot in die uithoeke van die wêreld. Dit is daarom baie goed dat ons erns sal maak met hierdie seisoen van luister in ons NG Kerkfamilie. Dit beteken dat ons nie net in die erediens sal luister nie, maar veral ook by elke kerklike vergadering, en in die klein gebedsgroepies, sodat ons kan deelword van God se agenda.

3. Hierdie gedeelte, soos baie ander in die verhaal oor die vroeë kerk, onderstreep die verrassende belang van gasvryheid. Gasvryheid is meer as net een van die Christelike deugde. Christene word in die wêreld veral uitgeken aan hul gasvryheid, hul openheid vir mekaar, die oop huise waar saam geëet en saam geniet word - al was dit brood wat in alle eenvoud gebreek is. Dit gaan om 'n gasvryheid teenoor mede-gelowiges uit alle tale en kulture, maar ook 'n gasvryheid teenoor vreemdes en buitestaanders. Daarin het die nuutheid en andersheid van die vroeë kerk gelê. Dit was 'n gasvryheid waarin die self prysgegee is in 'n oordadige mededeelsaamheid, waarin die genade wat ontvang is, met ander gedeel word. Dit was om te leef met die besef: ons word geseën, om vir ander tot seën te wees. Soms is die doodgewone, spontane gasvryheid 'n veel effektiewer getuienis in die wêreld as die baie groot projekte in die gemeenskap. Dis in elk geval veel moeiliker, want dit kom soveel nader aan die eie lyf. Meestal was gewone gasvryheid een van die kragtigste getuienis-instrumente in die hand van die Heilige Gees, in 'n wêreld wat net so gewelddadig, onherbergsaam en eensaam was as die wêreld van ons eie dag.

(Gideon van der Watt)

Tema 9
'n Kerk wat biddend leef en werk

Liturgiese voorstelle:

Die tema leen hom uitstekend tot 'n luistergeleentheid (vgl die luistersiklus in die NG kerk se "Seisoen van Luister"). Die gemeente word eers stil, kom tot ruste, verwonder oor die gawe om bewustelik en in verhouding (ook in 'n gespreksverhouding) met God te mag lewe. Om te bid is die aanvaarding van die uitnodiging om nader te kom en tuis te kom in die teenwoordigheid van die Drie-enige God - die Vader wat "vir ons" is (Rom 8:31), die Christus wat as priester onophoudelik vir ons intree (pleit) by die Vader (Rm 8:34) en die Heilige Gees wat in ons en namens ons, vir ons voorspraak doen en vir ons intree met versugtinge wat nie in woorde gesê kan word nie (Rom 8:26). Om as gemeente te bid beteken om opgeneem en met mekaar verenig te word in die gebedsgebeure binne die Drie-eenheid. Gebed is inderdaad 'n wonder...

Die oordenking kan voortgesit word deur verskillende persone wat gedeeltes uit Handeling 2 oor die biddende kerk voorlees. Bepaalde frases kan herhaal of onderstreep en in stilte oordink word.

- Hand 1:12- 14 ("*die bovertrek waar hulle gewoonlik vertoef het*", "*hulle het almal eensgesind volhard in die gebed*")
- Hand 2:46-46 ("*en God geprys*")
- Hand 4:23-31 (vgl vers 29-30: "*dreig*" "*vrymoedig verkondig*" "*genesing*" "*tekens en wonders*", "*Naam van ...Jesus*")
- Hand 7:54-60 ("*vol van die Heilige Gees*" "*opgekyk na die hemele*" "*gesien*", "*kyk*" "*ek sien*" en "*Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie*")
- Hand 13: 2-3 "*nadat die gemeente gevas en gebid het*"
- Hand 14:19-20 ("*daar het gelowiges rondom hom kom staan*")
- Hand 14:23 en 26 ("*opgedra aan die Here*")
- Hand 16:25-26 ("*teen middernag... besig om te bid en tot lof van God te sing*")

Oordenking: Hand 2:41-47

1. Die rol van gebed by die vroeë kerk

Deurgaans het gebed 'n sentrale rol in die lewe en die werk van die vroeë kerk gespeel. Terwyl die gelowiges saam, op een plek, al wagtende, gebid het, is die Heilig Gees uitgestort. Deur gebed het hulle krag ontvang, die krag van die Heilige Gees. Deur gebed het hulle die leiding van die Heilige Gees ontvang. Deur gebed het mense tot bekering gekom. Omdat hulle volhardend gebid het, kon die eerste gelowiges ook volhard in hulle dienswerk en kon hulle kragtige tekens en wonders doen. Hulle kon entoesiasies betrokke bly by dit waartoe die Here hulle geroep het. Deur gebed is hulle bewaar en genees. Deur gebed is hulle bevry en kon hulle met vrymoedigheid voortgaan om te getuig. Deur gebed kon hulle volhard in die geloof. In gebed is hulle met mekaar verenig – op een plek en eensgesind het hulle saam gebid. Hulle was bymekaar betrokke deurdat hulle vir mekaar gebid het. Hulle het in mekaar se huise bymekaar gekom om vir mekaar te bid. Daar het hulle dan geleer om vir mekaar om te gee, hulle besittings met mekaar te deel, mekaar te help en saam te eet. Gebed bring mense in liefde by mekaar uit. Die gemeente wat in gebed saamgekome het, het 'n aantrekkingskrag gehad – die Here kon elke dag nuwe mense toevoeg tot die gemeente.

2. Die rol wat gebed vandag nog in ons kerk moet speel

Sonder opregte gebed kan die kerk vandag nie lewe of werk nie. Daar waar ons God aanbid, daar begin die kerk se werk. Dit begin by die erediens, waar ons ons sonde bely en waar God ons vergewe, waar ons ons geloof bely en al biddende ons offers bring, daar waar ons God loof en prys en waar ons voorbidding doen en luister na die woorde van die Heilige Gees, daar waar die Here die tekens van brood en wyn uitdeel, daar begin die kerk se werk. Vandaar gaan ons dan uit by die deure, na die strate en die woonbuurtes toe. Om daar te bid en te werk.

Wanneer ons saam bid, dan maak die Gees ons een. Dan kom daar liefde tussen mense. En vrede. Deur gebed leer ons wat waarheid is, sodat ons die waarheid kan praat en kan doen. En as ons liefde en waarheid het, dan sal die wêreld kan glo in God. Hulle sal sy heiligheid kan sien.

3. Die resultaat van 'n biddelose kerk

As 'n kerk nie bid nie, kom daar baie probleme in die kerk. Dan vat al die probleme die kerk se krag weg. Dan praat ons net al hoe meer oor die probleme. Dan groei die kerk nie meer nie; dit gaan agteruit. Die gelowiges verloor ook hulle geloof as hulle nie meer bid nie. Hulle word maklik weggewaai deur elke nuwe wind van versoeking (Luk 22:46)

Sonder gebed het gelowiges ook nie meer krag vir enige vernuwing nie. Hulleself word nie meer vernuwe nie. En die gemeente bly ook maar net dieselfde, of gaan agteruit.

As mense nie regtig meer bid nie, ook nie meer saam bid nie, dan ken hulle mekaar later ook nie meer nie. Hulle sien mekaar nie meer raak nie. Hulle stel nie meer in mekaar belang nie. Hulle besoek mekaar nie meer in hulle huise nie, eet nie meer saam en gee vir mekaar om nie. As mense nie saam bid nie, sien hulle later mekaar ook nie meer as mense raak nie.

Hoe minder ons bid, hoe minder ons saam bid, hoe verder leef ons van God af. Dan is Hy ook nie meer die Koning van die kerk nie.

4. Oproep

Broeders en Susters, mag God ons deur sy Heilige Gees krag gee om te bid. Om vir ons eie geloof en bekering te bid, vir leiding en bewaring, vir gesondheid en krag, vir waarheid en liefde. Mag ons krag kry om vir mekaar te bid. En om saam met mekaar te bid. Mag ons krag kry om vir die kerk te bid, sodat die kerk kan groei in waarheid en liefde. Ons moet gedurig bid vir eenheid, vir vrede en liefde in die kerk. Ons moet met krag, ywer en in getrouheid bid dat daar nie "verskeuring" kom in die Here se kerk nie

(Johannes Kofa)

Tema 10
Christus-lote uit alle volke, tale en nasies!
Hand 2:37-41, Ps 22, Joh 15, 1 Joh 4 en Hand 8
(Pinkstersondag)

1. Buitengewone goeie nuus

Vandag vier ons Pinksterfees, saam met al die gelowiges wêreldwyd, vol vreugde oor die uitstorting van die Heilige Gees. Op daardie dag het ongeveer 3000 mense tot geloof gekom en is gedoop (Hand 2:41)!

Dis regtig 'n wonderlike ding wat met 'n mens gebeur as jy gedoop word, in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Jy word letterlik in die doopwater verdrink. Die lidmate van die vroeg Christelike kerk is by doopplegtighede aangespoor met die oproep: "*Kom ons verdrink die kind!*" Genadiglik eindig als nie daar nie!

God se Woord leer wel almal wat *in Christus gedoop* is, is in sy dood gedoop, is met Christus in sy dood begrawe (Rom 6:3-5). Dis klaar met ons! Máár net so belangrik, "*aangesien ons met Hom een geword het in sy dood sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding*". In die doop sterf ons dus én staan ons op. Hoekom? Sodat ons nou 'n nuwe lewe kan lei!

Die Kerkhervormer, Martin Luther skryf: " Jou doop is niks anders as genade wat jou aan die keel gryp nie, 'n genadige verwurging waardeur jou sonde ondergedruk word sodat jy onder die genade mag bly. Kom daarom na jou doop toe. Gee jouself oor om verdrink te word in die doop en om deur die genade van jou goeie God doodgemaak te word, terwyl jy sê: Verdrink my en wurg my, liewe Here, want voortaan sterf ek blymoedig vir die sonde, saam met u Seun" (K Barth: Romeine kommentaar, bl 194).

Dáárom, verkondig ons dit op hierdie Pinksterfees vrymoedig vir elkeen wat gedoop is: Onthou jy het gesterf en het weer opgestaan, én jy behoort nie meer aan jouself nie, want jou nuwe lewe behoort aan God – soos dit vir baie geslagte gedooptes voor jou gegeld het!

Jou doop, soos vir die 3000 op daardie eerste Pinksterdag, beteken dat jy van toe af nie meer aan jou natuurlike pa en ma óf aan jou oupas of oumas óf aan ander in die gemeente óf aan jouself behoort nie. Jy, nes hulle behoort egter wel aan Iemand anders. Jy en ek is nou die eiendom van Jesus, ons enigste Saligmaker (HK1)! Dis al wat eintlik vir ons saak maak! Jy én ek het verdrink in die doopwater, én is opgewek in 'n nuwe lewe deur die bloed van Jesus Christus, waarvan die doopwater die verbondsteken is, soos dit ook was vir daardie 3000 voor ons! En onthou daardie 3000 was letterlik mense van oor die ganse destydse wêreld: Perse, Mediërs, Elamiete, Mesopotamiërs, Judeërs, Kappadosiërs, mense uit Pontus en die provinsie Asië, Frigië, Pamfilië, Egipte, Libië, Sirene, Rome, Kretensers en Arabiere, skryf Lukas (2:9-11) – uit verskillende volke, tale en nasies.

2. Soos die lote van die wingerdstok

n Johannes 15:1-8 sê Jesus Hy is self soos 'n wingerdstok en sy Vader is die wingerdboer. En vir sy dissipels, almal wat syne is, daardie 3000 en ook ek en jy, sê Hy: "*Julle behoort aan my. Julle is my lote!* As julle nie vrugte dra nie, sal my Vader julle afsny en weggooi. Sulke vrugtelose lote verdroog en dit word in die vuur gegooi en verbrand, sê Jesus. *Máár* as julle vrugte dra, sal my Vader kom en julle reg snoei (dit beteken Hy sal kom en met sy gereedskap al die verkeerde en onnodige groeisels uitsny, alles wat hinder en in die pad is), sodat julle die beste vrugte kan dra. En as julle lewe soos mense wat aan my behoort en baie vrugte dra, sal *dit* my Vader se hart bly maak."

Jy en ek kan nie kies watter soort druiwe ons is nie, *want* ons is nou lote van die Jesus-wingerdstok. Daarom sal en moet ons vrugte dra, wat pas by Jesus. Soos dopelinge ouer en wyser word, wonder en vra hulle: "watter soort vrugte pas by Jesus?" Ons behoort dan Jesus se woorde te onthou: "vrugte wat My sal bly maak."

Hoe lyk sulke vrugte? "Soos die vader My liefhet", sê Jesus, "het Ek julle ook lief. En sê Hy daarby, "Julle moet in my liefde bly" en my opdrag aan julle is "julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet". Onthou altyd, sê Jesus vir sy dissipels, julle het My nie gekies nie, Ek het julle gekies *en* Ek het julle aangestel om vrugte te dra wat sal hou. Dáárom beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!" As julle *dít* doen, sal julle my buitengewoon bly maak!

Hoekom is Jesus so ernstig en dringend oor die liefde? 1 Johannes 4:7-21 leer vir ons *God self is liefde*. En omdat Jesus en God die Vader een is, is liefde ook die lewensap in die Jesus-wingerdstok. Let mooi op, dit is nie selfliefde, selfbevestiging of selfhandhawing nie. Dit het niks te doen met die najaag en dien van eie belang nie. Johannes sê duidelik: God se liefde is geopenbaar. Ons kan sien hoe dit lyk! Hy het sy Seun Jesus na ons wêreld gestuur, sodat ons deur Hom die lewe kan hê! En ook: die ware liefde is nie die liefde wat ons vir God het nie, *maar* dit is sy liefde vir ons *deur* die Soenoffer van sy Seun Jesus! *Dís* hierdie weggee liefde, om die ander se belange, waarvan my en jou en die 3000 van die eerste Pinksterdag se doop vertel!

Daarom herhaal 1 Johannes dit oor en oor - *dít* is die liefde wat ons moet wys. God het sy liefde aan ons bewys as 'n selfopofferende, selfverloënde, dienende liefde, en net só behoort ons mekaar lief te hê. God is onsigbaar, skryf Johannes, *máár as ons mekaar (soos God) liefhet*, gebeur 'n wonderwerk. *Dán bly God in ons*. Dan bereik sy liefde *in my en jou* sy doel volkome! En *dán sien* die mense vir *God!*

Dit is natuurlik nie 'n maklike saak nie. Dis eintlik baie moeilik. Maar, daar is troos. Ek en jy is nie alleen nie! Jesus se Heilige Gees is uitgestort en by ons, in ons...Ons kan vrymoedig en gereeld met die Heilige Gees praat. Die Gees help baie graag.

3. Gestuur om sy koninkryk te bou

Elkeen van ons wat gedoop en Jesus se dissipels is, moet onthou, ons is gestuurdes, met die Gees van Christus in ons. Lukas vertel 'n inspirerende storie in Hand 8:26-40, wat ons tot vrugdra wil aanspoor, waar ons woon en werk en speel.

Jesus se Gees roep kort na die doop van die 3000 vir Filippus, een van sy dissipels en sê: "Gaan na die pad tussen Jerusalem en Gasa, dit is 'n stil pad". Hy gaan toe. Op die pad ontmoet Filippus 'n man uit Afrika, 'n Etiopiër. Hy was hoof van die geldsake van die koningin van sy land en kon nie self kinders hê nie. Dié Afrika man was besig om Jesaja 53 te lees, maar het dit nie verstaan nie. Die Here se Gees inspireer toe vir Filippus om hom te vertel dat Jes 53 van *God se baie groot liefde* praat. Hy hoor by Filippus dat Jesus, God se eie Seun, mense se wrede spot gewillig verduur het, dat Hy onregverdig gely en aan die kruis gesterf het, *sodat ons almal kan lewe!* En Hy hoor die vraag: *Wie sal van sy nageslag vertel? Hoe sal ander van hom hoor?*

Die Afrika man was baie diep geroer deur Jesus se selfopofferende liefde. Filippus het die evangelie vir hom verder vertel. Toe hulle by water langs die pad kom, het Filippus hom gedoop. En net daar het die Etiopiër toe genadiglik verdrink, nes ek en jy eenmaal! En ja, dis óók waar, die Etiopiër het genadiglik weer lewendig geword, *máár* toe was hy anders. Nie meer in die eerste plek 'n Etiopiër nie, maar nou gevul met die evangelie van Jesus se liefde. Hy was nou 'n nuwe loot in die Jesus-wingerdstok. Die Bybel sê dié Afrika man het met blydschap verder gereis na sy land toe. Hy wat self geen eie kinders kon hê nie, was op pad om in Etiopië en daar rondom vir Jesus en sy Vader te gaan vrugte dra, 'n *nageslag geloofskinders* op te wek *vir Jesus en selfs* Etiopië se geldsake vir *Hom* te bestuur.

Ja, klein soos ons was, en voordat ek en jy self daarvoor kon besluit, het ons ouers ons gebring om lote te word van die Jesus-wingerdstok in die een of ander gemeente van ons familie, waar die *evangelie van Jesus se selfopofferende liefde* verkondig is. Dáár moes ek en jy voorberei, gevorm, geslyp word om draers, gestuurdes, verkondigers van daardie evangelie te wees. Juis dáárvor het ons ouers ons gebring, of hulle dit toe mooi besef het of nie!

Dit is vandag weer Pinksterfees! Ek en jy word herinner aan die kragtige werk van die Heilige Gees destyds toe 3000 mense op die eerste Pinksterdag tot geloof gekom het, in die doopwater verdrink het, in Christus opgestaan het en die hele destydse wêreld ingegaan het as nuwe mense, as Christus lote uit alle volke tale en nasies! Waarmee het hulle gegaan?

Daardie eerste bekeerlinge het hulle heelhartig toegelê het op die leer van die apostels – ja, op die kennis en aanvaarding van die liefdesevangelie van Jesus; en op die onderlinge verbondenheid – ja, op die belewing van die onderlinge eenheid met mekaar as saam met mense van oral oor die aarde; die gemeenskaplike maaltyd – ja, as bevestiging van 'n verenigde gemeenskap; en die gebede – ja, op die saam dank en bid, saam met en vir mekaar en vir die wêreld. As ons dit oral, saam sou doen, soos hulle destyds, dink net wat 'n wonder van die Heilige Gees sou dit nie wees nie! Ja dink net...watter vlam van hoop en lewe dit sou kon aansteek!

(Johan Botha)